Julie - Augustus 2025

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

Vol. 25, No. 4 Vertalings uit ’n vroeër gepubliseerde Jul-Aug 2024 *Tomorrow's World*-tydskrifte



’n Persoonlike boodskap van

Gerald E. Weston, Hoofredakteur

## Ruim die warboel op

My vrou het onlangs vir jong volwasse vroue 'n klas aangebied oor hoe om hulle huise skoon huis te hou. Dit mag dalk vir sommige mense seksisties klink, maar die waarheid is dat wanneer 'n huis netjies en ordelik is, dit waarskynlik 'n vrou is wat leiding geneem het om dit te doen. Ek wil 'n bietjie van die inligting gebruik wat my vrou in haar klas aangebied het: 'n Wetenskaplike wat navorsing doen by die Universiteit van Indiana “het gevind dat mense met skoon huise gesonder is as mense met wanordelike huise”. Ander navorsers het ontdek dat vroue “wat hulle leefruimtes as 'n 'warboel' of vol 'onvoltooide projekte' beskryf”, meer geneig is om depressief en moeg te wees as vroue wat hulle huise as 'rustig' en 'opbeurend' beskryf het. Die navorsers het ook gevind dat daar by vroue met wanordelike huise hoër vlakke van die streshormoon kortisol teenwoordig is *(“The Powerful Psychology Behind Cleanliness,” Psychology Today*, 11 Julie 2016).

Heel moontlik het ons moeders meer geweet as wat ons gedink het toe hulle vir ons gesê het: “'n Rein liggaam is naaste aan 'n rein hart”. Alhoewel baie mense aangeneem het dat hierdie spreekwoord in die Bybel gevind word, is dit nie so nie. Nietemin word die algemene beginsel van ordelikheid wel in die Bybel gevind. Adam was in 'n pragtige tuin geplaas en daar is van hom verwag om dit te “bewerk en te bewaak” (Génesis 2:15) – hy moes die pragtige tuin in stand hou. “En die kinders van Israel het goed gewapend uit Egipteland opgetrek” (Exodus 13:18). Hulle het ook op 'n ordelike wyse kamp opgeslaan (Númeri 2:1-2).

By ons somerkampe vir tieners, maak die Lewende Kerk van God gebruik van 'n beginsel van die apostel Paulus, wat die lidmate by Korinthe geleer het om orde te handhaaf en om verwarring te vermy. Hy het opdrag gegee: “God is nie 'n God van wanorde nie, maar van vrede, soos in al die gemeentes van die heiliges.” Paulus sluit af: “Laat alles welvoeglik en ordelik toegaan” (1 Korinthiërs 14:33, 40). Die onderwerp waarmee hy dadelik begin het was hoe hulle hul dienste gehou het, maar hierdie is 'n beginsel wat van toepassing is op alle aspekte van die lewe: Regdenkende mense verkies orde in plaas van verwarring.

Dit laat egter 'n vraag ontstaan: Waarom sien ons sulke godsdienstige chaos “want God is nie 'n God van wanorde nie”.

**Die chaos van “Christelikheid”**

Ons samelewing is uiters verward oor sy Skepper. Miljoene mense buig voor 'n verskeidenheid van hout-, metaal-, klip- of plastiekbeelde omdat hulle dink dit verteenwoordig gode. Baie ander miljoene mense aanbid afgode van die hart – denkbeeldige gode wat hulle in hulle eie denke as

gode aangeneem het.

Volgens vooruitskattings van *Pew Research* is daar ongeveer 2,4 miljard christene in naam wêreldwyd, 1,9 miljard Moslems, 1,2 miljard Hindoes en honderde miljoene mense in ander gevestigde godsdienste (*"Religious Composition by Country, 2010-2050," Pew Research Centre*, 21 Desember 2022). Selfs binne hierdie godsdienste is daar kwalik eenvormigheid. Daar is groot en kleiner verdeeldheid binne Islam en Judaïsme. Dit is egter binne die belydende Christendom waar die grootste verwarring heers. Daar is nie eers ooreenstemming oor hoeveel "Christelike" denominasies daar is nie! Volgens die Bybel is God egter nie die Skepper van wanorde nie! Hoe het ons dan by sulke wanorde uitgekom?

Van die begin af het die mensdom geweier om God se heerskappy oor Sy skepping te aanvaar. Adam is die keuse gegee om sy Skepper te vertrou of homself te vertrou om reg en verkeerd te bepaal, maar hy het laasgenoemde gekies en ons het daardie voorbeeld gevolg regdeur die menslike geskiedenis. Die Bybel boekstaaf die mensdom se selfvertroue en die gevolge daarvan. Rigters is byvoorbeeld een van die bloedigste boeke in die Bybel en die laaste vers beskryf die oorkoepelende probleem: Wanneer daar geen oorheersende gesag is nie, doen elkeen net wat hy wil. "In dié dae was daar geen koning (geen sentrale gesag) in Israel nie: elkeen het gedoen wat reg was in sy oë" (Rigters 21:25).

***Vervolg op bladsy 27***

## Inhoudsopgawe

**Voorblad**

**Persoonlik – Ruim die warboel op**
Gerald E. Weston se persoonlike rubriek

**Hoofartikel**
**Hoe om Armagéddon vry te spring** 3
*"Armagéddon" is nie net 'n woord om te vrees wat deur politici gebruik word nie. Hoe sal dit u en u geliefdes beïnvloed? U behoort te weet!*

**O Kanada!**
**Saad van voorspoed** 8

**Ons abnormale normaal** 11

**Dit is London wat roep**
**Die verdeelde Verenigde Koninkryk** 14

**Die wegraping-mite ontmasker** 15
*Die wegraping sal nooit gebeur nie – u kan dit bewys met niks anders as die onweerlegbare bewys van die Bybel.*

**Die stoeigeveg wat die geskiedenis verander het** 22

**Plant iets wat groei** 24
*Wanneer u tuinmaak deel van u lewe maak – selfs net binnenshuis – kan dit werklik voordele hê vir u familie se gesondheid – fisies en geestelik!*

**Te doen en "afgehandel"** 26

**Gereeld**

**Vrae en Antwoorde** 23

Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur:
www.tomorrowsworld.org

**Wêreld van Môre**

**Hoofredakteur**
Gerald E. Weston
**Redaksionele Direkteur**
Wallace G. Smith
**Senior Redakteur**
William Bowmer
**Besturende Redakteur**
John Robinson

**Streeksredakteurs**
Robert Tyler (Australasië)
Stuart Wachowicz (Kanada)
Peter Nathan (Europa)

**Besigheidsbestuurder**
Dexter B. Wakefield

**Streekskantore**

**VERENIGDE STATE:**
PO Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
**www.tomorrowsworld.org**

**AUSTRALASIË:**
PO Box 300
Claredon, SA 5157
Tel: (61) 8 8383 6266
Faks: (61) 8 8127 9667

**KANADA:**
PO Box 465
London, ON N6P 1R1
Tel: (905) 814-1094
Faks: (905) 814-7659

**NIEU-SEELAND:**
PO Box 2767
Auckland 1140, New Zealand
Tel/Faks: (09) 268 8985

**VERENIGDE KONINKRYK:**
PO Box 8112,
Kettering, NN16 6YF
Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 30
Menlo Park, GP 0102
Tel: 012 331 0058
e-pos: info@wvm.co.za

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

# Hoe om Armagéddon vry te spring

## Deur Richard F. Ames

*Is "Armagéddon" 'n stowwerige ou term in u Bybel – duisende jare oud en nie van toepassing vir ons tyd nie? Is dit dalk 'n ontnugterende realiteit wat ontelbare miljoene mense wat vandag leef – met inbegrip van u en u geliefdes – sal raak? Dis is nodig dat u weet wat die antwoord is!*

Op die stadium dat generaal George MacArthur van die V.S. in April 1951 sy bekende afskeidstoespraak aan die Amerikaanse kongres gelewer het, was die Amerikaanse president Joe Biden, net agt jaar oud. Donald Trump, Joe Biden se voorganger in die presidensie, was slegs vier jaar oud. Die waarskuwing wat MacArthur gerig het, het tog 'n onuitwisbare indruk gelaat wat vir baie mense vandag nog na die waarheid klink, hoewel dit vir ander mense na antieke geskiedenis lyk.

Wat het MacArthur gesê wat sy luisteraars so geraak het? Na sy leeftyd van militêre diensplig het hy die invloed van oorlog gesien, maar ook die uiteindelike nutteloosheid en katastrofiese gevolge daarvan, wat hom gelei het om die byeenkoms van wetgewers te waarsku: "Militêre alliansies, balans van mag, Volkebonde, het almal op hulle beurt misluk wat een uitweg gelaat het, naamlik die smeltkroes van oorlog. Die uiterste verwoesting van oorlog verhinder nou hierdie alternatief. Ons het ons laaste kans gehad. Indien ons nie een of ander groter en regverdiger stelsel sal uitdink nie, is Armagéddon voor die deur".

Op 6 en 9 Augustus 1945 – ses jaar voordat MacArthur daardie woorde gespreek het – het die V.S. atoombomme neergelaat op die stede van Japan, Hirosjima en Nagasaki, wat gelei het tot byna 200,000 sterfgevalle en die totale verwoesting van daardie stede. Baie mense sê nogtans dat hierdie sterftes van onskuldige burgerlikes die lewens gered het van nog miljoene meer mense wat in 'n Geallieerde inval in Japan sou omgekom het. Daardie twee atoombomme het byna 80 jaar gelede 'n einde aan die Tweede Wêreldoorlog gemaak.

Deesdae se jonger generasies mag dalk min weet van daardie geskiedenis – die lyding, die trauma en die verlies van miljoene lewens. Wanneer hulle deesdae die woord "Armagéddon" hoor, dink baie van hulle eerder aan die gewilde fliek *Armagéddon*, wat die storie vertel van 'n Texas-grootte asteroïde wat afpeil na die planeet Aarde en dreig om 'n wêreldwye katastrofe te veroorsaak. Die film, wat in 1998 vrygestel is, het meer as $500 miljoen by die loket verdien en vind vandag steeds weerklank in populêre kultuur.

Is daardie *Armagéddon*-scenario egter 'n werklike moontlikheid? Lees hierdie berig by *Astronomy.com*, wat net een asteroïde beskryf wat oor Siberië ontplof het: "Op 15 Februarie 2013 het 'n klein asteroïde, ongeveer 20 meter in deursnee, op die suidelike Oeral van Rusland, teen ongeveer 19 km per sekonde afgepyl en toe oor Chelyabinsk Oblast ontplof … en energie vrygestel gelykstaande aan ongeveer 500 kiloton TNT, sowat 20 of 30 keer die energie wat vrygestel is in die Hirosjima-atoomontploffing" ("*Why the asteroid threat should be taken seriously*," *Astronomy.com*, opdateer Januarie 30 2024). Die Skrywer David J. Eicher gaan voort om die gevare te beskryf wat ons vandag in die gesig staar:

> "Die risiko van asteroïdes wat die aarde tref en wydverspreide skade, dood en katastrofe veroorsaak, is 'n werklikheid en is elke dag van ons lewens teenwoordig. Dit is egter tot 'n mate 'n teen-intuïtiewe bedreiging, wat vir sommige mense moeilik is om ernstig op te neem. Die risiko op enige gegewe oomblik bestaan

amper nie, maar gegewe genoeg tyd, sal 'n katastrofiese gebeurtenis weer gebeur. Is dit nodig dat ons bekommerd hoef te wees oor 'n asteroïde wat die aarde tref tydens ons volgende uitstappie na middagete? Waarskynlik nie. Eendag sal daar egter 'n groot genoeg asteroïde wat vir die Aarde bestem is in die prentjie kom en sal afgryse en chaos vir die mensdom veroorsaak. Dit wil sê tensy ons iets daaraan doen".

Is dit 'n realiteit? Selfs u Bybel beskryf 'n tyd van kosmiese versteurings wat aan die kom is: "... en die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos 'n vyeboom wat deur 'n groot wind geskud word, sy navye laat afval; en die hemel het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit" (Openbaring 6:13-14).

Al ons hedendaagse praatjies oor 'n "Armagéddon" se oorsprong word in u Bybel gevind in die verslag oor 'n rampspoedige stryd tussen goed en kwaad aan die einde van hierdie era. Waar *sal* u dan wees wanneer daardie geveg plaasvind? Wat sal die uitkoms van daardie stryd wees? Die woord Armagéddon word tans gebruik om 'n tyd van verskriklike vernietiging voor te stel. Sal die ware Armagéddon dan die uiteindelike vernietiging van planeet Aarde veroorsaak of sal Goddelike ingryping diegene red wat voorbereid is?

**Har [Berg] Megiddo**

Soos generaal MacArthur gewaarsku het, *sal* 'n Armagéddon ons voorland wees. Ons ken die gewilde media-opvattings van "Armágéddon". Wat vertel u Bybel ons egter oor daardie werklike tyd en plek? "En hulle het hul versamel op die plek wat in Hebreeus genoem word Armagéddon" (Openbaring 16:16). Die oorspronklike Hebreeus is *Har Maggadon* of die berg Megiddo. Die leërs van die wêreld sal in die noorde van Israel by Megiddo bymekaarkom voordat hulle suid na Jerusalem optrek.

Megiddo is ongeveer 55 myl noord van Jerusalem geleë, "soos die kraai vlieg". Gedurende antieke tye het dit die hoof handelsroete tussen Egipte en Damaskus bewaak. Dit kyk ook uit oor die grootste vlakte in Israel, die Jisreël-vallei of die Vlakte van Esdraelon. Die Skrif voorspel dat die konings van die ooste die Eufraatrivier vanaf die weste sal oorsteek. Hulle sal leërs van ander supermoondhede by Megíddo ontmoet.

Die boek Openbaring beskryf hierdie saamtrek as die sesde van die sewe laaste plae. Hulle kom bymekaar by die plek wat in Hebreeus *Armagéddon* genoem word en beweeg dan suidwaarts na Jerusalem om daar teen Christus te veg. Let op: "WANT kyk, in dié dae en in dié tyd wanneer Ek die lot van Juda en Jerusalem verander, sal Ek al die nasies versamel en hulle na die dal van Jósafat laat aftrek, om daar met hulle 'n strafgerig te hou" (Joël 3:1-2).

Die vallei van Jósafat is geleë tussen die Olyfberg en die stad Jerusalem. Dit staan ook bekend as die Kidronvallei, wat 'n hele ent suidwaarts strek. Ja, "die oorlog van daardie groot dag van die almagtige God" (Openbaring 16:14) sal by Jerusalem plaasvind. Jósafat beteken "Die Ewige het geoordeel" en God sal die nasies oordeel in hierdie klimaktiese en belangrikste stryd.

Ja, u Bybel openbaar die volgorde van gebeure wat lei tot Armagéddon. Die Messías, Jesus van Násaret, het groot profetiese tekens geopenbaar wat lei tot die groot hoogtepunt en die einde van hierdie era. Hy het ook 'n nuwe era aangekondig wat kom – 'n tyd wat ons dikwels die "wêreld van môre" noem – die naam van hierdie tydskrif asook ons Engelse *Tomorrow's World* TV-uitsendings. Jesus het die Evangelie van die Koninkryk van God verkondig – die goeie nuus van 'n toekomstige wêreldregering. Hy doen 'n ernstige beroep op sy volgelinge om hulle te bekeer en vir daardie regering voor te berei. Christus beantwoord Sy dissipels se vraag met betrekking tot die einde van hierdie huidige tydperk soos volg: "En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom" (Matthéüs 24:14).

Na watter tekens behoort ons op die uitkyk te wees? Watter is die volgorde van

profetiese gebeure wat ons behoort te verwag? Bybelprofesie beskryf die tydperk van drie-en-'n half jaar wat tot die einde van die huidige era lei. Wat is die tekens wat die einde van hierdie hartseer samelewing van mislukte regerings van mense aandui? "EN die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid" (Openbaring 11:15).

Hoe sal die nasies van die wêreld op daardie aankondiging reageer? Die nasies sal aanvanklik eers die teruggekeerde Verlosser verwerp. "En die nasies was vertoornd" (Openbaring 11:18). Hulle sal die Goddelike, wêreldregerende Koninkryk teëstaan en selfs daarteen oorlog voer! Die eindtydse supermoondheid wat in die boek Openbaring, die "dier" genoem word – die laaste herlewing van die Romeinse Ryk, wat ondersteun word deur tien konings of koninkryke – sal 'n tevergeefse oorlog teen die komende Koning van die konings voer:

> "En die tien horings wat jy gesien het, is tien konings wat nog geen koningskap ontvang het nie, maar hulle ontvang mag soos konings een uur lank saam met die dier. Hulle het een gesindheid en sal hulle krag en mag oorgee aan die dier. Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin – want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings – en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou" (Openbaring 17:12-14).

**Voorbereiding vir die Derde Wêreldoorlog?**

Die boek Openbaring dui 'n reeks groot veldslae aan gedurende die Derde Wêreldoorlog. Let op die negende hoofstuk: Massiewe leërs oos van die Eufraatrivier ontplooi en met kragtige wapens word oor en weer geskiet wat 'n derde van die aarde se bevolking vernietig. Die apostel Johannes teken hierdie profetiese visioen soos volg aan: "En só het ek in hierdie gesig die perde gesien en die wat op hulle sit, met vuurrooi en blou en swawelgeel borsharnasse. En die koppe van die perde was soos leeukoppe, en uit hulle bekke het vuur en rook en swawel uitgegaan. Deur hierdie drie *plae* is 'n derde van die mense gedood, deur die vuur en deur die rook en deur die swawel wat uit hulle bekke uitgegaan het" (Openbaring 9:17-18).

Is militêre magte nou al besig om voor te berei vir die Derde Wêreldoorlog? *Wêreld van Môre*-intekenare is bewus van groot militêre verwikkelings. Op die voorblad van ons Engelse tydskrif, *Tomorrow's World* gedateer *April-May* 2023, het hierdie vraag verskyn: *"Has World War III Already Begun?"* Die Hoofredakteur, Gerald Weston, het verskeie individue aangehaal wat beweer dat die Derde Wêreldoorlog inderdaad *reeds* begin het. Hy haal die Rooms-Katolieke pous, Francis, aan wat gesê het: "Vir my is die Derde Wêreldoorlog vandag verklaar. Dit is iets waaroor ons behoort te dink. Wat is besig om te gebeur met die mensdom dat ons drie wêreldoorloë in 'n eeu gehad het?" *("Sleepwalking into World War III")*.

Mnr. Weston het sy artikel afgesluit met: "Ons beweeg van *geleidelik* na *skielik*. Is dit nie wat die profeet Jesaja vir ons rebelse wêreld opgeteken het nie? 'Omdat julle hierdie woord verwerp en vertrou op verdrukking en slinksheid en daarop steun, daarom sal hierdie skuld vir julle wees soos 'n los stuk wat wil val, wat oorhang in 'n hoë muur, waarvan die instorting heeltemal onverwags kom' (Jesaja 30:12-13)".

Deesdae se nasies is besig om hulle vermoëns van kernkrag uit te brei. Dit is bevestig dat nege nasies regoor die wêreld oor kernwapens beskik. Dit is Rusland, die Verenigde State, Frankryk, China, die Verenigde Koninkryk, Israel, Indië, Pakistan en Noord-Korea. Dit is moontlik dat die gekombineerde krag van hierdie wapens alle menslike lewe op aarde herhaaldelik kan vernietig. Die patroon van die geskiedenis is dat wanneer die mensdom 'n nuwe wapen van vernietiging skep, dit gebruik word totdat dit al die moontlike skade aangerig het wat dit

enigsins kan aanrig. Indien dit egter met kernwapens gebeur, sal die hele mensdom totale uitwissing beleef!

**Sestig jaar van gevaar**

Is wêreldleiers bekommerd oor die vele bedreigings en gevare wat ons in die gesig staar? In Oktober 2022 het die V.S. president Joe Biden, kommentaar gelewer op Rusland se dreigement om taktiese kernwapens te gebruik: "Ons het nie die vooruitsig van Armagéddon sedert Kennedy en die Kubaanse missielkrisis in die gesig gestaar nie", het hy gesê. "Vladimir Poetin ... maak nie 'n grap wanneer hy praat oor die potensiële gebruik van taktiese en kernwapens of biologiese of chemiese wapens nie ... Ek dink nie daar is iets soos die vermoë om maklik 'n taktiese kernwapen te verloor en nie by Armagéddon te eindig nie". (*"Remarks by President Biden at Democratic Senatorial Campaign Committee Reception," WhiteHouse.gov*, 6 Oktober, 2022).

In Oktober 2022 was dit die sestigste herdenking van die Kubaanse missielkrisis – 'n tydperk toe die hele wêreld 'n potensiële Armagéddon in die gesig gestaar het. Op daardie herdenking het die *Bulletin of the Atomic Scientists* hierdie ontnugterende aankondiging gemaak: "Rusland se inval in die Oekraïne en sy bedreiging met betrekking tot kernwapens het die kernoorloggenie wakker gemaak, met die woord 'Armagéddon', wat in algemene bespreking ingesluip het tydens die 60ste herdenking van die Kubaanse missielkrisis. Daardie 35-daekrisis (16 Oktober - 20 November 1962) bly 'n beslissende oomblik in die Verenigde State se nasionale veiligheidsgeskiedenis en dit was die algemene publiek se eerste nabye en persoonlike kennismaking met die werklike moontlikheid van 'n kernoorlog" (26 Oktober 2022).

Indien u oud genoeg is om die Kubaanse missielkrisis in 1962 te onthou, onthou u waarskynlik hoe u die skrikwekkende werklikheid in die gesig moes staar van wat gelyk het na 'n ware Armagéddon. Op daardie tydstip was ek 'n jong man pas uit die kollege, nadat ek ook 'n kort tydjie in die V.S. weermag gedien het voordat God my na Sy Kerk geroep het. Die vrese wat ek in die gesig gestaar het, is deur miljoene ander mense gedeel. Indien u te jonk is en nie daardie tyd beleef het nie, mag u dalk u ouers of grootouers daaroor wil uitvra en hoor hoe hulle dit ervaar het.

**Staar die werklikheid in die gesig**

Geagte Lesers, ons moet die werklikheid in die oë kyk! Miljarde mense op aarde sál sterf wanneer oorlog, hongersnood en siektes regoor die planeet versprei. Ja, ons sal die uiterste gevaar van menslike uitwissing in die gesig staar. Die vierde seël van Openbaring beeld die vier perderuiters uit wat hulle kragte kombineer. Regoor die wêreld sal massiewe getalle mans, vroue en kinders sterf.

Die apostel Johannes, wat die boek Openbaring onder inspirasie van God geskryf het, het in 'n visioen die bekende vier perderuiters van die Apokalips gesien. Hulle simboliseer in volgorde valse christusse en valse godsdiens, oorlog en die verwoestende gevolge daarvan, die hongersnood wat normaalweg volg op die hakke van oorlog en die pes en siekte wat op hongersnood volg. Die apostel Johannes skryf: "En ek het gesien, en kyk, daar was 'n vaal perd. En hy wat daarop sit, sy naam is die dood, en die doderyk het hom gevolg. En aan hulle is mag gegee oor die vierde deel van die aarde om dood te maak met swaard en hongersnood en pes en deur die wilde diere van die aarde" (Openbaring 6:8).

Die vyfde seël, soos ons in Openbaring 6:9 lees, openbaar 'n marteling van Christene gedurende die tyd van verdrukking van ongeveer twee-en-'n-half jaar. Daarna lees ons van die sesde seël, wat die tyd van God se toorn en oordeel oor die nasies inlei. Daar word na die sesde seël verwys as die hemelse tekens.

> "En ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het, en kyk, daar was 'n groot aardbewing; en die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geword soos bloed; en die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos 'n vyeboom wat deur 'n groot wind geskud word, sy navye laat

afval; en die hemel het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit" (Openbaring 6:12-14).

Hierdie hemelse tekens, soos dit genoem word, lei die dag van die Here in – die tyd van God se toorn en oordeel oor 'n ondankbare, opstandige wêreld. Jesus Christus, die Lam van God, sal toornig wees. Hy sal God se regverdige oordele voltrek. Die dag van die Here word "die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?" (Openbaring 6:17).

**'n Tyd van toorn en oordeel**
Die dag van die Here sal God se oordele oor die nasies bring. Neem kennis: Daar is drie profetiese mylpale wat tot Christus se Wederkoms lei. Dit is die Groot Verdrukking, die hemelse tekens en die dag van die Here. Hierdie drie gebeurtenisse strek oor 'n tydperk van ongeveer drie-en-'n-half jaar.

Daar is meer as dertig profesieë in u Bybel wat na die dag van die Here verwys. Jesaja 34:8 en Jesaja 63:4 wys dat die dag van die Here in eindtyd profesie, die tyd wat die Wederkoms voorafgaan, 'n tydperk van een jaar is! U sal dalk daardie verwysings wil neerskryf.

Die Skrif beskryf die teruggekeerde Christus se groot hemelse leër wat na die aardse Armagéddon slagveld neerdaal:

"TOE het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd. en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid. En sy oë was soos 'n vuurvlam, en op sy hoof was baie krone; en Hy het 'n Naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy self. En Hy was bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop was, en sy Naam is: Die Woord van God. En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne. En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige. En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: Die Koning van die konings en HERE van die Here" (Openbaring 19:11-16).

Geagte Lesers, watter kant sal u kies wanneer die dag van oordeel aanbreek? Sal u kies om aan die kant van die Koning te wees wat sal kom om die aarde te regeer en om blywende vrede te bring? Soos ons pas gesien het, sal getroue Christene Christus volg: "... en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore" (Openbaring 17:14)

Die massas van die mensdom sal mislei word en sal die "dier" van Openbaring en die valse profeet volg wat die dier se anti-Christus heerskappy ondersteun. U Bybel openbaar egter die bemoedigende waarheid dat 'n klein oorblyfsel van God se getrouste mense Sy beskerming sal ontvang in 'n plek op aarde wat Hy vir hulle voorberei het. Daar sal hulle teen die gruwels van die Groot Verdrukking en die dag van die Here gespaar word.

Ons lees dat "die vrou het na die woestyn gevlug waar sy 'n plek het wat deur God gereed gemaak is, dat hulle haar daar sou onderhou duisend-tweehonderd-en-sestig dae lank" (Openbaring 12:6). In die Skrif word die Kerk soms as 'n vrou uitgebeeld, soos ons ook lees in beskrywings van die Kerk wat die bruid van Christus word. Christene moet egter wakker en bedag wees om daardie Goddelike beskerming te ontvang vir daardie profetiese tekens wat vir die Kerk sal aandui dat dit tyd is om na daardie beloofde en geprofeteerde plek van veiligheid te vlug.

**Waak en Bid**
Ja, ons behoort almal op die uitkyk te wees vir profetiese tekens wat tot Armagéddon sal lei. Die konings van die aarde en hulle leërs sal in die noorde

*Vervolg op bladsy 13*

## O Kanada!

# Saad van voorspoed

**Deur Stuart Wachowicz**

Kanada en die ander nasies van Britse afkoms is geseën met oorvloed wat ons nie as vanselfsprekend behoort te aanvaar nie.

**Honderd jaar gelede** het 'n aansienlike meerderheid van Kanada se bevolking in landbougebiede gewoon. Deesdae, net soos 'n groot deel van die Weste, vind ons dat ten minste 90 persent van ons samelewing verstedelik is. Relatief min mense verstaan gevolglik hoeveel werk nodig is om voedsel te produseer en hulle het dus ook nie 'n begrip van die belangrikheid van daardie werk nie. Landboubehoeftes het 'n baie lae prioriteit vir kiesers sowel as politici geword.

Die geskiedenis toon egter dat mislukkings in landbouproduksie gelei het tot die omverwerping van baie regerings. Die mislukkings van oeste van die laat 1780's in Frankryk word byvoorbeeld beskou as 'n dryfveer agter die Franse Revolusie. Die produksie van vrugte en groente, melk en kaas, vee en pluimvee en veral graan, is werklik die kern van 'n nasie se welvaart en sekuriteit.

Oor die afgelope eeu het die Engelssprekende samelewing 'n surplus voedselproduksie beleef, selfs gedurende tye van oorlog. Waarskynlik is dit 'n belangrike faktor in die voortbestaan van die rykdom, mag en invloed van daardie volke – tog was dit nie altyd die geval nie.

**Nuwe wêreld, nuwe koring**

Gedurende die vroeë 1800's was die groot vlaktes van Wes-Kanada en die noorde van die Verenigde State geëvalueer vir hulle potensiaal in landbouproduksie, veral met betrekking tot graan. In streke van die land wat nou bekend staan as Saskatchewan, Manitoba en die Dakotas, was daar op daardie stadium gereelde misoeste as gevolg van hewige somerstorms, hael en algemene vroeë ryp.

Met die aankoms van nuwe setlaars uit Europa na die noordelike vlaktes, het hulle hul kosbaarste besitting begin plant – goeie saad van koring. Dit was die geval met een van die heel eerste pogings met landbou op die groot vlaktes: Die Red River nedersetting, wat in 1812 gestig is deur Lord Selkirk en sy koloniste van die Skotse hooglande. Die koloniste het baie keer uiters moeilike omstandighede verduur, soos vroeë ryp wat gelei het tot verskeie misoeste tussen 1812 en 1820.

Regdeur daardie streek het boere 'n aantal variëteite van saad gebruik wat alles van Europese oorsprong was. Die tyd wat dit die saad geneem het om volwassenheid te bereik, het dit wel geskik gemaak vir die Europese klimaat, maar het 'n probleem in die korter somers van Kanada geskep, spesifiek op die noordelike vlaktes. In daardie dae kon 'n misoes hongersnood en verhongering beteken. 'n Oplossing was nodig.

David Fife, 'n boer in Peterborough County, Bo-Kanada (vandag Ontario) wie tussen 1842 en 1848 arriveer het, ontwikkel 'n variëteit van donkerrooi koring wat as *Red Fife* bekend geraak het. As gevolg van die gewas se vroeë volwassenheid en uitstekende maal- en bakkwaliteit, het dit teen 1876 die dominante variëteit in Kanada en die meeste van die Verenigde State geword. Terwyl dit nie meer op groot skaal verbou word nie, is *Red Fife* steeds in aanvraag tussen baasbakkers vanweë, wat broodkenners beskou, sy voortreflike geur en bak-eienskappe.

Terwyl *Red Fife* 'n verbetering was, was daar steeds 'n behoefte aan 'n hoë-gehalte variëteit van koring met 'n korter groeiseisoen. Die bestaande variëteite wat vroeg ryp geword het, het laer opbrengste en swak eienskappe volgens meulenaars gehad voordat dr. William Saunders die voorkoms van landbou in Kanada en die Amerikaanse Noordweste radikaal ver-

ander het. In 1886 het Ottawa vir Saunders aangestel om die nuwe *Dominion Experimental Farms* te bestuur. Sy seuns, maar veral Charles Edward Saunders, het ondersteunende navorsers geword.

Oor 'n tydperk van ses jaar van deeglike en noukeurige kruistelings-eksperimente op die saad van koring van oor die hele wêreld, is 'n massiewe hoeveelheid inligting ingesamel. Karakter-eienskappe van natuurlike kruisteling, soos kleur, maal asook kwaliteite vir bak, stamsterkte en hoogte – alles in vergelyking met tyd van rypwording – kon geïdentifiseer word. Teen 1901, na 15 jaar van uitputtende werk, met inbegrip van die mislukking van verskeie grootskaalse aanplantings, het hulle 58 unieke variëteite geproduseer. Niemand het nogtans al die gewenste eienskappe gekombineer nie en baie waarnemers het gevoel dat hulle werk tevergeefs was en gestaak behoort te word. Saunders en sy seuns het egter tog volgehou.

Hulle deurbraak het in 1904 gekom toe 'n variëteit geproduseer is deur *Red Fife* (die manlike ouer/saad) met *Hard Red Calcutta* (die vroulike ouer/saad) te kruis. Die resultaat was koring wat al die eienskappe gehad het waarna oorspronklik gesoek is wat met 'n rypwordingstyd gespog het wat ten minste tien dae korter was – 'n absoluut noodsaaklike eienskap. Dit is die *Marquis*-koring genoem en is nou die voorouer van die meeste hedendaagse variëteite van koring.

Die eerste keer wat daar op groot skaal met *Marquis*-koring gesaai was, was in 1909. In 1913 was die eerste besending geregistreerde Marquis-saad in die V.S. afgelewer – 'n 100, 000 skepel/maatemmer. Sedert 1915 het *Marquis*-koring die dominante koring in Kanada en baie van die Verenigde State se noordelike vlaktes geword.


# PAASFEES (EASTER)

## *Die storie wat nie vertel is nie*

## *Die Waarheid wat verontagsaam is*

*Elke jaar vier belydende Christene 'n vakansiedag wat bekend staan as Paasfees, maar min mense verstaan die ware oorsprong daarvan. Hoe het dit gebeur dat 'n dag wat veronderstel is om Jesus Christus se opstanding uit te beeld, geassosieer geraak het met die naam van die heidense godin, Eostre? Wat is die oorsprong daarvan om die dag met hasies en gekleurde eiers te vier en wat het dit met mekaar te doen? Wat het hierdie dinge te doen met die opstanding van Christus?*

Skryf in of skakel ons vir u eie kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoord op hierdie vraag te kry!

**Koring vir die wêreld**

Wat Saunders en sy seuns bereik het, het gelei tot 'n massiewe vermindering in die oeste wat weens vroeë ryp verloor is en het die noordelike vlaktes as een van die wêreld se groot broodmandjies gevestig, met die nuwe koringstam wat die streek 'n baie veiliger bron van deurlopende produksie van koring gemaak het.

Die tydigheid van Saunders se werk asook dié van sy mede wetenskaplikes – was veral duidelik met die aanvang van die Eerste Wêreldoorlog in 1914. Die Kanadese grasvlaktes kon Brittanje en Frankryk van massiewe hoeveelhede van 'n hoë-gehalte stapelvoedsel voorsien. Trouens, geskiedkundiges wys graag daarop dat dit 'n belangrike bydraende faktor was tot die Geallieerdes se oorwinning in albei Wêreldoorloë. "*Marques*-koring het die oorlogspoging van nie net Kanada nie, maar ook dié van sy bondgenote, die V.K., Frankryk, België en Griekeland aansienlik verbeter" (*George Fedak*, "*Marquis Wheat*," *The Canadian Encyclopedia*, 4 Maart 2015).

Die ontwikkeling van *Marquis* het gelei tot die voortgesette ontwikkeling van koringvariëteite wat droogte, siektes en ander bedreigings vir 'n wêreldwye voedselvoorraad die hoof kan bied. "*Marquis het* 'n permanente nalatenskap agtergelaat. Daar is getoon dat feitlik elke variëteit van koring wat gedurende die afgelope 100 jaar in Kanada geproduseer is, teruggevoer kan word na kruisings wat met *Marquis* gemaak is" (*Canadian Encyclopedia*). Voorwaar, dr Saunders en sy seuns behoort met dankbaarheid onthou te word vir hulle onskatbare bydrae.

Dit is ook goed om te onthou dat die hedendaagse afstammelinge van antieke Israel – waarvan Kanada deel is – beloof is dat hulle lande sou besit wat ongelooflike oorvloed van plante en diere sou produseer en dat hierdie seën van God onverpoosd sou voortduur indien hulle gehoorsaam is aan God se opdragte (Deuteronómium 28:1, 11-12). Dat hierdie geseënde lande voortgegaan het om oënskynlik onbeperkte hoeveelhede voedsame kos te produseer, is nie bloot toevallig nie en moet baie waardeer word eerder as om dit as vanselfsprekend te aanvaar. Selfs die pogings van toegewyde navorsers, landboukundiges en boere om so 'n oorvloed te produseer, is 'n groot bate wat aan hierdie mense toegeken is. Hierdie seëninge is nie uit partydigheid gegee nie; dit is bedoel om hierdie nasies se vervulling van 'n selfs groter doel te vergemaklik.

Om meer te wete te kom oor die redes vir hierdie vrygewige geskenk van God, gaan asseblief aanlyn na *wvm.co.za* om te lees of kontak die streekkantoor naaste aan u (gelys op bladsy 2 van hierdie tydskrif) om 'n gratis eksemplaar van ons inspirerende en onthullende studiegids aan te vra: *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?* WvM

***Vervolg vanaf bladsy 26*** **– Te doen en "afgehandel"**

gebruik om ons te help om ons pogings te organiseer en te prioritiseer om meer gedoen te kry in minder tyd.

Die meeste van ons geniet die gevoel van prestasie en bevrediging om 'n voltooide item van 'n lys af te merk. Groot projekte met veelvuldige take is veral lonend wanneer dit afgehandel is. Ons kan dan sê: "Ai! Dit is klaar". Dit laat ons goed voel – ten minste vir 'n rukkie – totdat ons weer kyk na ons langer wordende lys van nuwe take wat gedoen moet word. Ons mag dalk sug en vir onsself sê: "So baie om te doen – so min tyd"!

Dit is wonderlik en inspirerend om te sien wat God afgehandel het – Sy lys van uiteindelike "afgehandelde" take. Sy projekte en planne is letterlik *universeel* in omvang. God het byvoorbeeld die hemel en die aarde in die begin geskep. Hy het gesê: "Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis" (Génesis 1:26). In Génesis 2 sien ons dat God daardie take op die sesde dag voltooi het en op die sewende dag gerus het. "En God het op die sewende dag sy werk voltooi wat Hy gemaak het, en op die sewende dag gerus van al Sy werk wat Hy gemaak het. En God het die sewende dag geseën en dit geheilig, omdat Hy daarop gerus het van al sy werk wat God geskape het deur dit te maak"

***Vervolg op bladsy 20***

# Ons abnormale normaal

Deur John Robinson

Baie jare gelede het my dogter wat op daardie stadium nege jaar oud was my gevra waarom ons gesin anders is. Sy het opgemerk dat ons ons anders gedra as al die ander gesinne in ons omgewing en sy wou weet waarom ons nie "normaal" is nie.

Die meeste mense wil deur hulle tydgenote aanvaar word. Dit is 'n natuurlike en kragtige menslike eienskap en dit is waarskynlik belangriker vir ons kinders. Hulle wil beskou word as 'n normale deel van die "groep". Grootmense kan volwasse raak om die waarde daarvan om anders te wees te erken, maar vir kinders kan dit baie moeilik wees.

Ek het my dogter se vraag gehoor en het dadelik deernis gehad vir hoe sy voel. Omdat ek in 'n Sabbat-onderhoudende gesin grootgeword het, was ek van 'n relatief jong ouderdom deeglik bewus daarvan dat ek "anders" was as die meeste ander kinders om my. Nadat ek die openbare skool begin bywoon het, het ek vinnig geleer dat dit "nie normaal" was om op 'n Saterdag kerk toe te gaan nie. Vir die meeste van my skoolmaats het "kerk" outomaties Sondag beteken, nie Saterdag nie.

Dit was ook nie "normaal" dat ons gesin nie Kersfees gevier het nie – 'n vakansiedag wat nie in die Bybel gevind word nie – soos lesers van hierdie tydskrif sal erken. Indien u meer hieroor wil weet, lees ons gratis boekie *Die Heilige Dae – God se meesterplan*. Dit was ook nie normaal dat ek laat in September of vroeg in Oktober weggeglip het om vir agt dae saam met my gesin 'n geleentheid deur te bring by iets wat die "Loofhuttefees" genoem word nie. Die Fees was vir my wonderlik, maar vir my klasmaats het dit net vreemd geklink – dalk selfs gewaagd.

Weens onderhouding van die sewende-dag Sabbat het ek nooit op 'n Saterdag aan klein liga-wedstryde deelgeneem nie. Ek sou om dieselfde rede ook nie na Vrydagaand sokkerwedstryde gaan nie. Hierdie aktiwiteite het vir my skoolmaats na niks anders as "normaal" gelyk nie.

Wanneer ek egter terugkyk en ek daaroor nadink hoe drasties die Amerikaanse samelewing oor die afgelope 30 of 40 jaar verander het, besef ek dat ek en my klasmaats baie dinge as vanselfsprekend aanvaar het. Baie dinge wat ons almal destyds as "normaal" beskou het, is deesdae ver van normaal.

**Die "nuwe normaal"**

Terwyl ek 'n tiener was, het enkelouer-gesinne al hoe meer algemeen geraak, maar niemand het die ideaal van die ongeskonde gesin met twee ouers, met 'n ma en 'n pa aan die hoof, ernstig bevraagteken nie. Deesdae probeer mense wat hulleself as kampvegters van sosiale geregtigheid beskou om 'n nuwe agenda te bevorder – om 'n "*nuwe normaal*" op die samelewing af te dwing.

U hoef nie net my woord hiervoor te neem nie. Kyk byvoorbeeld na die Amerikaanse spitstyd televisiereeks. *Modern Family*, vir elf seisoene (2009-2020), wat 'n homoseksuele paartjie uitbeeld wat kinders grootgemaak het asof dit 'n prysenswaardige leefstylkeuse was. Daar was selfs 'n kortstondige 2012-reeks op NBC, *The New Normal*, wat soveel aspekte van die probleem saamgevat het. Die reeks was as 'n komedie bestempel, maar dink aan die uitgangspunt daarvan: Twee homoseksuele mans en 'n surrogaat-moeder besluit dat hulle 'n familie is. Een van hulle kinders het "twee pappas" en 'n surrogaat-mamma; die ander het twee aangenome-pappas, plus 'n afwesige vader wat ons nooit sien nie. Te midde hiervan het die reeks een karakter vertoon – die ouma – wat NBC-joernaliste "bekrompe" genoem het omdat sy waardes voorgestaan het wat die grootste deel van die samelewing – net 'n generasie tevore – as vanselfsprekend sou aanvaar het.

Hierdie "komedie" het die spot gedryf met Bybelse gesinswaardes, terwyl dit die idee bevorder het dat mense 'n familie op enige manier wat hulle wil kan definieer. So 'n aanval op die gesin is nie snaaks nie. 'n Dekade later is dit egter

algemeen aanvaarbaar.

Alles in ag genome, kon ek my dogter help om die gevolge van om "normaal" te wees in vandag se samelewing te verstaan. Selfs in ons klein straatjie was dit normaal vir die bure se kinders om net een ouer te hê as gevolg van egskeiding of verwerping. Dit was normaal dat kinders laat in die nag sonder toesig rondhardloop en in allerhande moeilikheid beland omdat daar nie 'n moeder of vader of grootouer is wat genoeg omgee oor wat die kinders doen nie.

Sommige mense mag dalk verbaas wees om te hoor dat God hierdie probleem lank gelede voorsien het. Hy het die apostel Paulus geïnspireer om 'n brief aan die jong leraar Timótheüs te skryf, waarin hy die gedrag beskryf wat as "normaal" beskou sou word in die jare wat tot Jesus Christus se Wederkoms sou lei. Vra uself af hoe goed dit die tipiese gesindheid rondom ons vandag beskryf:

> "MAAR weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom. Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpraters, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God; mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het. Keer jou ook van hierdie mense af" (2 Timótheüs 3:1-5).

Paulus het verstaan dat mense in die laaste dae selfsugtig en arrogant en vinnig sou wees om oor hulle eie belangrikheid te spog. Kinders sou oneerbiedig teenoor hulle ouers wees. Mense sou nie dankbaar wees nie en sou ondankbaar wees vir die goeie dinge in hulle lewens. Hulle sou 'n gebrek aan selfbeheersing hê en baie trots wees op hulleself. Hulle sou net hulleself liefhê en 'n samelewing skep waarin uitreikende Christelike liefde en gehoorsaamheid aan God absoluut *abnormaal* sou wees. Die begeerte om die etiket van "normaal" wees in ons tyd te begeer, is om te begeer om die soort persoon te wees waarmee die meeste van ons, as ons eerlik met onsself is, nie daarvan sal hou om met hulle te wees nie.

**Die ware normaal**

In hierdie huidige tydperk is dit nie normaal om die sewende-dag Sabbat of die Huttefees en die ander jaarlikse Heilige Dae te onderhou nie. Dit is nie normaal om daarna te streef om God te gehoorsaam en te leef volgens die voorbeeld wat Jesus Christus vir Sy volgelinge gestel het nie. In die nabye toekoms gaan hierdie wêreld egter dramaties verander.

God het die profeet Jesaja geïnspireer om 'n wonderlike profesie op te teken: "Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors – tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid" (Jesaja 9:5-6). Let ook op hierdie woorde van Sagaría: "En almal wat oorbly uit al die nasies wat teen Jerusalem aangekom het, sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning, die HERE van die leërskare, en om die huttefees te vier" (Sagaría 14:16).

Sáám skets hierdie Skrifgedeeltes 'n wonderlike prentjie: God sal binnekort oor die hele wêreld regeer en Hy sal van almal verwag om te doen soos wat Hy sê. Die onderhouding van Sy weeklikse en jaarlikse Sabbatte mag dalk nie vir die meeste hedendaagse mense normaal lyk nie, maar die tyd kom binnekort wanneer alle nasies die Loofhuttefees, die sewende-dag Sabbat en al God se Wette sal onderhou. Jesus Christus het nie gekom om dit af te skaf nie, maar om dit te vervul (Matthéüs 5:17). Selfsugtige menslike eienskappe sal vervang word deur nederigheid, respek, dankbaarheid en hoflikheid teenoor ons naastes.

Diegene wat nóú kies om te staan téén dit wat vandag as normaal beskou word – met inbegrip van die onderhouding van die sewende-dag Sabbat en die onderhouding van die Heilige dae – is in die voorhoede

van diegene wat die mensdom gaan onderrig wat is wérklik normaal. Ek versoek u dus om ernstig vir God te vra om u die moed en die krag te gee om stroom-op te swem, deur te weier om saam te stem met dit wat hierdie samelewing as normaal beskou en eerder nóú die lewenswyse te begin volg wat *God* as normaal beskou. WvM

*Vervolg vanaf bladsy 7* – **Hoe om Armagéddon vry te spring**

van Israel bymekaarkom om teen die Verlosser Jesus Christus, te veg by Sy Wederkoms. Weereens, maak seker dat u dit lees in Openbaring 19:19. Die Koning van die konings sal hierdie opstandige, onderdrukkende nasies oorwin. Hoe kan u persoonlik voorberei vir die uitdagende tye wat voorlê? Geagte Lesers, sal u Armagéddon vryspring?

Let op hierdie vermaning deur die Here Jesus Christus: "Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan" (Lukas 21:36).

Dalk het u nie gebid nie; dit is nou die tyd om op u knieë te gaan en na God uit te roep vir 'n verandering in u lewe. Die Skrif vertel aan ons hoe om nader aan God te kom. "Soek die HERE terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is. Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die HERE bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik" (Jesaja 55:6-7).

God beloof om u te seën en u te vergewe *indien* u Hom met u hele hart soek. Die oplossing vir die wêreld se probleme is geleë in die toekomstige verandering in die menslike natuur. Ná Armagéddon sal die nuwe wêreldregering, bestaande uit Christus en die heiliges, die weg na vrede onderrig. Ja, gedurende die Millennium sal daar 'n vernuwing van die menslike karakter en die menslike gees wees. Die Koninkryk van God sal vir 'n duisend jaar oor alle nasies heers en ook daarna. Bid dat daardie Koninkryk binnekort sal kom. Ons sien uit na die tyd ná Armagéddon wanneer hierdie profesie vervul sal word: "En die HERE sal Koning wees oor die hele aarde" (Sagaría 14:9).

Ja, die Vredevors sal terugkeer om die wêreld se nasies met liefde en geregtigheid te regeer, wat 'n wêreld van voorspoed en oorvloedige lewe vir alle volke waarborg. Geagte Lesers, u wil nie onder diegene wees wat teen die terugkerende Christus veg nie! Bly na aan u Verlosser, gehoorsaam Hom en laat Hy u lei. Wanneer u dit doen, sal u voorbereid wees vir die uitdagende tye wat net voor die deur lê en beskerm word teen die verskrikkings van Armagéddon! WvM

*Vervolg vanaf bladsy 22* – **Die stoeigeveg wat die geskiedenis verander het**

maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy 'n seën sal wees. En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word" (Génesis 12:2-3).

In die Skrif word die verhaal vertel van God se interaksie met Israel en die gebeure wat gelei het tot die geboorte van Jesus Christus as die Verlosser van die mensdom. Die fisiese stryd in die wildernis tussen Jakob en die Een wat die Messías geword het, was 'n belangrike gebeurtenis in die vestiging van Israel as die instrument wat God sou gebruik om Sy plan uit te voer.

Nasies is families wat magtig geword het. Die nasies wat nou die Midde-Ooste beset, is onder die afstammelinge van daardie antieke families, wie se konflikte en twispunte tot vandag toe voortduur. Hierdie onoorkombare probleme sal nie opgelos word voordat Jesus Christus in krag en heerlikheid terugkeer as die Koning van die konings en Prins van vrede om Sy Koninkryk te vestig nie. WvM

# Die verdeelde Verenigde Koninkryk

## Deur Peter G. Nathan

In die laat 1990's het die Arbeidersregering onder leiding van mnr. Tony Blair, referendums gehou om sekere magte en verantwoordelikhede na verskeie gedeeltes van die Verenigde Koninkryk oor te dra. Die proses is genoem *devolusie*, wat in die Britse konteks verwys na die oordrag van sekere magte en verantwoordelikhede vanaf die sentrale regering in Westminster na streekregerings, soos dié in Skotland, Wallis en Noord-Ierland. Alhoewel die VK verenig is onder Londen as sy hoofstad, is dit nietemin 'n nasie wat geskiedkundig uit verskillende gedeeltes bestaan. Engeland en Wallis is sedert Tudor-tye in 'n staat van eenheid, wat saam die staat geskep het wat nou Brittanje genoem word.

Vereniging met Skotland in 1707 het 'n nuwe entiteit, naamlik Groot-Brittanje, geskep. Die "Groot" was nie 'n verklaring wat betref die vergrote nasie se krag of omvang in die wêreld nie, maar bloot 'n erkenning van sy groter grondgebied. Daarna vind 'n vereniging met Ierland in 1801 plaas, wat gelei het tot die skepping van die Verenigde Koninkryk en wat, nadat die verdeling in die 1920's in werking getree het, afgeskaal is na die ses graafskappe van Noord-Ierland-Ulster.

Wat Tony Blair via daardie referendums aangebied het, was nie nuut nie. Selfregering is in 1914 aan Ierland toegestaan wat voortgesit is in Noord-Ierland, wat vanaf die 1920's 'n eie regering gehad het, hoewel dit nogtans 'n deel van die VK was. Die Stormont in Belfast was 'n plaaslike parlement vir Noord-Ierland, wat magte met betrekking tot interne aangeleenthede behou het, terwyl nasionale kwessies soos verdediging of buitelandse sake stewig in Londen onder die beheer van die sentrale regering by Westminster gevestig was. Alhoewel devolusie in Noord-Ierland al dekades lank sy ritme gevind het, het dit 'n nuwe dinamiek geskep toe dit uitgebrei is na nuwe organisasies in Skotland en Wallis.

**Die saad van ontevredenheid is gesaai**

'n Goed gevestigde beginsel van bestuur leer ons dat eie aan enige oplossing vir 'n probleem, die saad vir die volgende probleem is. Dit gee Job se woorde weer dat "die mens word vir moeite gebore soos die vonke boontoe vlieg" (Job 5:7). Dit was inderdaad die gevolg van devolusie.

Die Skotse Nasionale Party (SNP), het devolusie gebruik om nie net streek- en plaaslike bestuur in werking te stel nie, maar totále onafhanklikheid van die VK. Alhoewel Skotland in 'n referendum van 2014 die idee van onafhanklikheid verwerp het, beskou die meerderheid kiesers van die politieke party in Skotland – die Skotse Nasionale Party (SNP), die vestiging van onafhanklikheid vir Skotland as sy hoofdoel. Die SNP, wat vanaf Holyrood in Edinburgh werksaam is, het sy strewe na onafhanklikheid voortgesit, selfs terwyl kwessies van leierskap wat op eiebelang gefokus was, onstabiliteit in die party geskep het; In April 2024 is SNP-leier, Humza Yousaf, gedwing om te bedank ná net 14 maande in die amp.

Minister Yousaf het eerstens die belange van sy party, tweedens die behoeftes van sy regering en derdens die behoeftes van Skotland as sy redes aangevoer en het onder kritiek deurgeloop oor die volgorde waarin hy daardie prioriteite geplaas het. Baie mense voel inderdaad, dat streek- en partydige belange klaarblyklik voorrang geniet bo nasionale belange. Byna 'n soortgelyke situasie geld in die Stormont in Noord-Ierland, waar die funksie as 'n parlement belemmer word as gevolg van partydigheid en wantroue tussen die vakbondlede wat deel van die VK wil bly en die lede van Sinn Fein ['n politieke party] wat wil hê dat Noord-Ierland herenig met die Republiek van Ierland, met sy hoofstad Dublin, in die suide. Demografiese veranderings binne Noord-Ierland neig na 'n Sinn Fein-meerderheid in die staat.

*Vervolg op bladsy 21*

# Die wegraping-mite ontmasker

## Deur Wallace G Smith

Die wegraping sal nooit gebeur nie – u kan dit bewys met niks anders as die onweerlegbare bewys van die Bybel.

'n Groot deel van die belydende "Christendom" is behep met 'n mite – 'n mite wat hulle begrip van die eindtyd vertroebel, baie ander leerstellige waarhede van die Bybel versluier en 'n verraderlike valse hoop verskaf wat betref die Groot Verdrukking en die dae voor die Wederkoms van Jesus Christus. Dit is 'n mite wat baie *algemeen geglo word*. Ek het na verskeie stede gereis en *Tomorrow's World* aanbiedings gegee in verband met die Evangelie van die Koninkryk van God en wat om te verwag voor Christus se Wederkoms. Sommige van die mees algemene vrae wat aan my gevra is, het rondom hierdie mite gegaan.

Dit is hoog tyd om 'n einde aan die mite van die *wegraping* te maak. In hierdie artikel sal ons *die mite*, direk vanuit die bladsye van die Bybel, *ontmasker*.

Indien ek 'n dollar gehad het vir elke vraag wat ek oor die wegraping gevra is, sou ek dalk hierdie artikel in die gemak van 'n limousine kon skryf. *Wanneer kom dit? Is dit voor die Groot Verdrukking? Is dit gedurende die Verdrukking? Is dit daarna*?

Die kern van die meeste van hierdie vrae is egter 'n méér fundamentele een wat ek ongelukkig nie naastenby so gereeld gevra is nie: *Is die algemene geloof in die wegraping werklik Bybels?*

Sonder om die uiteindelike slotsom te verklap, is die kort antwoord: *Nee, dit is nie*. Indien u egter in die versoeking sou wees om nou op te hou lees, moet nog nie ophou nie! Gee ons die geleentheid om dit uit die bladsye van u eie Bybel te bewys.

**Wat is die wegraping-mite?**

Ons behoort te begin deur so duidelik as moontlik te wees. Voordat ons dit wat die Bybel oor die "wegraping" sê, moet ons eers definieer wat ons eintlik met daardie woord bedoel, – aangesien die woord *wegraping* gebruik word om na baie verskillende faktore te verwys.

Die meeste mense gebruik die woord om hulle geloof aan te dui dat – voordat Jesus Christus terugkeer om die wêreld te regeer en voor die tyd van teëspoed en lyding bekend as die Groot Verdrukking – Christene regoor die planeet in die niet "weggeraap" sal word en na die hemel geneem sal word. Diegene wat *nie* Christene is nie, sal volgens hierdie geloof, geskok wees om te sien dat baie mense skielik sonder verduideliking verdwyn het; vliegtuie sal na die aarde tuimel_wanneer hulle Christelike vlieëniers verdwyn en nie-Christelike mans of vrouens sal wanhopig wonder waarheen hulle Christen-eggenotes verdwyn het. Veronderstel dat die hele wêreld soek na die massa-verdwyning, die Groot Verdrukking 'n aanvang neem op diegene wat "agtergebly het", soos die reeks boeke deur Tim LaHaye en Jerry Jenkins dit beskryf het. Dan, drie of sewe jaar later – afhangende van wie dit verduidelik – is die veronderstelling dat Jesus Christus Sy Heerskappy op planeet Aarde sal begin.

Hierdie idee van die wegraping wat beskou word as 'n geheimsinnige gebeurtenis wat Christene van die aarde af wegraap, word dikwels geassosieer met die woorde van die apostel Paulus wat vir ons sê dat "die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees" (1 Thessalonicense 4:16-17).

Hierdie is 'n belangrike gedeelte vir diegene wat in die wegraping glo, want in die Latynse Vulgaat-vertaling van vers 17, is die woord wat vertaal is as ons sal "in wolke weggevoer word", *rapiemur*, afgelei van *rapere*. Vandaar dus die "wegraping".

Paulus beskryf egter hier waaraan baie mense dink as "die wegraping" of praat hy oor

iets heeltemal anders?

God wil hê dat ons Sy Woord *sorgvuldig* lees en die besonderhede bymekaar voeg om die volledigste prentjie moontlik te kry – om dít te doen, verg ywer. Paulus het vir sy bekende student, die evangelis Timótheüs, gesê: "Lê jou daarop toe om jou beproef voor God te stel as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid reg sny" (2 Timótheüs 2:15).

Die profeet Jesaja het dieselfde gevra: "Vir wie wil hy dan kennis leer, en vir wie wil hy die openbaring verstaanbaar maak? Vir die wat van die melk gespeen, wat van die moederborste weggeneem is? Want dit is gebod op gebod, gebod op gebod, reël op reël, reël op reël, hier 'n bietjie, daar 'n bietjie" (Jesaja 28:9-10).

Laat ons doen wat God verwag – deur "die woord van die waarheid reg [te] sny" (2 Timótheüs 2:15) en voeg die *hele* Woord van God saam om ons te help om die waarheid oor die wegraping-teorie in te sien en om werklik te verstaan wat om gedurende die eindtyd te wagte te wees.

Aangesien idees so verskil in besonderhede wat betref die wegraping en wat dit werklik beteken, sal ons fokus op Bybelse gedeeltes wat ons kan help om die mees algemene elemente te verduidelik, wat sentraal is in die meeste mense se geloof met betrekking tot die wegraping. Hou dus hierdie drie belangrike vrae in gedagte terwyl u verder lees:

Sal Christene regoor die wêreld skielik verdwyn sonder enige verduideliking?

Sal Christene jare voor Jesus se Wederkoms in die lug opgeneem word?

Sal Christene die Groot Verdrukking in die hemel deurbring?

Of die wegraping feit of fiksie is, hang af van die antwoorde op hierdie vrae. Indien ons kyk na wat die Bybel *werklik* sê sal gebeur met ware Christene tydens die Wederkoms van Jesus Christus, sal ons sien dat elkeen van hierdie vrae duidelik en eenvoudig in God se Woord beantwoord word. Wanneer ons dit doen, sal ons sien dat die gewilde idee van die wegraping niks meer as 'n populêre mite is nie.

**Opstanding, nie "wegraping"**

Word daar dus in die Bybel onderrig dat *jare* voordat Jesus in sigbare heerlikheid terugkeer om die aarde te regeer, Christene regoor die wêreld sal verdwyn en in die geheim in die hemel opgeneem sal word voor die tyd van wêreldse gruwels wat bekend staan as die Groot Verdrukking?

Nee, dit is nie. Ons kan dit begin besef wanneer ons teruggaan na 1 Thessalonicense 4, waar ons lees:

> "MAAR, broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie. Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring. Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie. Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees" (1 Thessalonicense 4:13-17).

Te veel mense is so "in vervoering" (woordspeling bedoel) wanneer die wegraping in hierdie gedeelte gesien word dat hulle sleutelelemente oorslaan wat bewys dat Paulus *nie* oor hulle idee van 'n wegraping praat nie.

Paulus verwys byvoorbeeld na die tyd van die *opstanding* van die mense wat in Christus gesterf het – diegene wat hy beskryf as "die ontslapenes" en sê: "... en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan." Hy sê ook dat "die

Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God".

Lyk dit regtig na 'n stil, geheimsinnige verdwyning? Nee, glad nie. Dit lyk altans baie meer soos 'n triomfantlike gebeurtenis wat vir die wêreld die terugkerende Christus aangekondig.

Persoonlike menings oor hierdie onderwerp is egter nie ter sake nie – nie ons s'n nie en ook nie u s'n nie. In plaas daarvan om tot 'n slotsom te kom, laat ons kyk hoe die Bybel hierdie gebeurtenis elders beskryf – soos ons vroeër gelees het, "gebod op gebod … reël op reël … hier 'n bietjie, daar 'n bietjie (Jesaja 28:10).

Die apostel Paulus beskryf byvoorbeeld, presies *dieselfde* gebeurtenis in 'n ander gedeelte:

> "Maar dit verklaar ek, broeders, dat vlees en bloed die koninkryk van God nie kan beërwe nie; ook beërwe die verganklikheid nie die onverganklikheid nie. Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word. Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word" (1 Korinthiërs 15:50-53).

Ons behoort 'n paar belangrike besonderhede in hierdie gedeelte raak te sien: Nie net word die dooies in onverganklike heerlikheid opgewek nie, maar die wat gedurende daardie tyd leef, sal ook verander word, net soos ons in 1 Thessalonicense gesien het.

Sal dit egter stilweg gedoen word? Nie volgens die Bybel nie – weereens, net soos ons vroeër gesien het, sal dit gebeur met die geluid van 'n magtige basuin: "… in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word" (1 Korinthiërs 15:52).

Lees dit asseblief weer aandagtig deur: Dit sal nie net met enige basuin gebeur nie, maar by die *laaste* basuin. Dit impliseer dat daar *opeenvolgende* trompette sal wees met die opstanding en verheerliking van die heiliges wat by die *laaste* van daardie basuine sal plaasvind.

Dit laat ons met 'n vraag: Is daar enige Skrifgedeelte waar opeenvolgende trompette gedurende die eindtyd beskryf word? Indien daar is, dan het ons nou net die tyd van hierdie opstanding en transformasie van getroue Christene geïdentifiseer.

Die antwoord is dus: Ja. Inderdaad, die Bybel beskryf *wel* opeenvolgende trompette. Ons hoef nie daaroor te raai, te bespiegel, te spekuleer of daaroor te debatteer nie, want die Bybel maak dit duidelik. Sodoende openbaar dit duidelike antwoorde op ons drie oorspronklike vrae.

**Die werklike volgorde van gebeure voor Christus se Wederkoms**

In die boek Openbaring word 'n spesifieke volgorde van gebeure geopenbaar wat lei tot Jesus Christus se Wederkoms en die aanvang van die Koninkryk van God. Openbaring 6 dui die sewe profetiese seëls van Openbaring aan, wat die apostel Johannes in 'n visioen sien wat deur Jesus Christus een-vir-een oopgemaak word om die gebeure van die eindtyd wat voorlê, te openbaar. Die eerste vier seëls verteenwoordig die vier perderuiters van die Apokalips, wat wêreldwye godsdienstige misleiding, oorlogvoering, hongersnood en siektes simboliseer. In vers 8 staan daar dat "aan hulle is mag gegee oor die vierde deel van die aarde om dood te maak met swaard en hongersnood en pes en deur die wilde diere van die aarde."

Die profetiese reeks gebeure gaan voort met die vyfde seël, wat 'n marteling van baie ware Christene beskryf. In Matthéüs 24:21 beskryf Jesus hierdie tyd en sê: "... dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie." Dit is 'n tyd so verskriklik dat geen tyd vóór of

daarná ooit daarmee vergelyk sal kan word nie.

Na twee-en-'n-half jaar van hierdie verdrukking, sal die sesde seël oopgemaak word en die hemelse tekens sal plaasvind: 'n Groot aardbewing, die son wat verduister word, die maan wat so rooi soos bloed word, die sterre wat van die hemel val en elke berg en eiland op aarde word geskud. Hierdie gebeurtenisse kondig aan dat God op die punt staan om *persoonlik* in wêreldsake in te gryp. Daardie tyd word deur die profeet Jesaja beskryf as "'n dag van wraak, 'n jaar van vergelding in die regsaak van Sion" (Jesaja 34:8).

Hierdie jaar-lange dag van die Here sal begin wanneer die sewende seël van Openbaring oopgemaak word. Ons lees hiervan in Openbaring 8:1-2: "En toe Hy die sewende seël oopgemaak het, kom daar stilte in die hemel omtrent 'n halfuur lank. En ek het die sewe engele gesien wat voor God staan, en sewe basuine is aan hulle gegee."

Ons kan in Openbaring met hierdie inligting sien waar opeenvolgende trompette in eindtydgebeure voorkom – presies wat Paulus se beskrywing vir ons gesê het om te verwag. *Na* die ritte van die vier ruiters in die eindtyd, die Groot Verdrukking en die hemelse tekens, kom ons by die reeks trompette waarvan die apostel Paulus geskryf het.

Die eerste ses trompette se geskal sal verwoestend wees. 'n Derde van die aarde se plantegroei sal verbrand word, 'n derde van die see sal in bloed verander, 'n derde van skepe en seelewe sal vernietig word, 'n derde van die planeet se water sal bitter word en 'n derde van die son, maan en sterre sal ophou skyn. Daarna, in die mees vernietigende militêre veldslag in die geskiedenis, word 'n derde van die mensdom uitgewis. Die Skrif noem die dag van die Here "groot en uitermate" (Joël 2:11) – en dit word met 'n rede gedoen. Hierdie jaar-lange reeks katastrofiese gebeure sal God se toorn verteenwoordig wat op die onboetvaardige mensdom ontketen word. (Sien ons artikel elders in hierdie uitgawe oor hoe om Armagéddon vry te spring.)

Hierdie verskrikkings is egter net die eerste ses van sewe trompette. Die sewende en laaste basuin word beskryf in Openbaring 11:15: "En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid."

Paulus skryf dat met hierdie sewende basuin, wat die gesag van die Koninkryk van God regoor die wêreld verklaar, die opstanding sal plaasvind. Dit is dán wanneer getroue Christene uit die verlede en die hede versamel en met onsterflikheid verheerlik sal word en Christus in die lug sal ontmoet. Sodra hulle as onsterflike geestelike wesens uit die dood opgewek is, sal hulle Sy bruid word en dan sal hulle by Hom aansluit om Sy vyande te oorwin en om die heerskappy van God se Koninkryk in te huldig.

Wat bewys al hierdie dinge? Dat daar géén geheime "verdwyning" sal wees nie. Jesus Christus het trouens hierdie oomblik persóónlik aan Sy dissipels beskryf om die *openbare* aard van hierdie gebeurtenis so duidelik soos daglig te maak. U kan dit self lees in die bekende profetiese toespraak wat Christus op die Olyfberg gegee het:

> "En dadelik ná die verdrukking van daardie dae sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemele sal geskud word. En sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid. En Hy sal sy engele uitstuur met harde trompetgeluid, en hulle sal sy uitverkorenes versamel uit die vier windstreke, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan" (Matthéüs 24:29-31).

Ons kan sekerlik sien dat hierdie gedeeltes nie in afsondering van mekaar beskou behoort te word nie. Die beskrywings van eindtydgebeure is bestendig en in

perfekte volgorde: Die Groot Verdrukking, die hemelse tekens, die sewe basuine, Christus se Wederkoms na die aarde met die laaste basuin en die opstanding, byeenkoms en verheerliking van ware Christene wanneer die Koninkryk van God sy pragtige en genesende heerskappy begin.

Waar sal daardie heerskappy begin? *Nie* in die hemel nie. Inteendeel, daardie verheerlikte Christene sal nou reeds konings en priesters vir hulle God gemaak wees en hulle sal op die *aarde* heers (Openbaring 5:10).

Niemand sal soos mis voor die son verdwyn en hulle ongeredde geliefdes sal nie wonder waarheen hulle gegaan het nie. Alle oë sal die Wederkoms van Jesus Christus sien en alle ore sal dit hoor. Die "wegraping" is 'n tragiese misverstand wat die wonderlike waarheid van die Skrif verberg.

**Wie sal tydens die Groot Verdrukking beskerm word?**

Indien u daarop gelet het, het u waarskynlik besef dat ons nou ons oorspronklike drie vrae beantwoord het.

*Sal Christene regoor die wêreld geheimsinnig en sonder verduideliking verdwyn?* Ons sien die antwoorde in die bladsye van die Bybel: *Nee, hulle sal nie.* Christene sal uit die dood opgewek word of verander word om by hulle Verlosser aan te sluit gedurende die eerste opstanding – op dieselfde tyd wanneer *al* die volke van die aarde Jesus Christus se Wederkoms sal sien.

*Sal Christene jare voor Jesus se Wederkoms weggeraap word om te heers?* Weereens: *Nee, hulle sal nie.* Die opstanding van ware Christene sal plaasvind met die heel laaste basuin – die sewende – wanneer Christus as Heerser van die wêreld ingehuldig sal word – slegs dae voordat Satan vir 'n duisend jaar gebind sal word, soos dit in Openbaring 20 beskryf is.

Ten slotte, *sal Christene die jare van die Groot Verdrukking in die hemel deurbring?* Weereens, die "wegraping" stem nie ooreen met die Skrif nie. Ware Christene sal opgewek word om Christus te ontmoet by die aanvang van Sy Heerskappy *na* die Groot Verdrukking. Inderdaad sal hulle van daardie oomblik af – as Sy onderdanige bruid – 'n duisend jaar lank saam met Hom op *hierdie aarde* regeer.

Dit mag sommige mense aanvanklik bekommerd maak: Beteken dit dat elke Christen deur die Groot Verdrukking moet gaan?

Nee, stellig nie. *Sommige* Christene sal wel daardie verskriklike tyd verduur, terwyl ander Christene beskerm sal word – hoewel nie deur 'n "wegraping" nie. Hulle sal beskerm word hier op die planeet Aarde. God hou nogtans baie besonderhede terug waarvan net Hy weet, Hy maak dit duidelik in 'n aantal gedeeltes.

Ons lees byvoorbeeld in Openbaring 12 van die Kerk gedurende die eindtyd wat gesimboliseer word deur 'n vrou. Sy word vervolg deur die duiwel, wat gesimboliseer word deur 'n draakagtige slang. In vers 14 lees ons dat "twee vlerke van die groot arend is aan die vrou gegee, sodat sy na die woestyn, na haar plek, kon vlieg, waar sy uit die gesig van die slang onderhou word, 'n tyd en tye en 'n halwe tyd." Die "tyd en tye en 'n halwe tyd" is die drie-en-'n-half jaar wat die twee-en-'n-half jaar van die Groot Verdrukking en die jaarlange dag van die Here behels waarvan ons vroeër gelees het.

Hierdie gedeelte maak dit baie duidelik dat, terwyl 'n gedeelte van die Kerk beskerm sal word, hierdie beskerming *nie* in die hemel sal wees nie. Let daarop dat die gedeelte sê "die vrou" word beskerm in "die woestyn" – 'n woord wat *nooit* deur die Bybel gebruik word om die hemel te beskryf nie, maar dit word *wel* gebruik om plekke *hier op Aarde* te beskryf.

Indien ons toelaat dat God Sy eie Woord vertolk – wat altyd die beste idee is – dan moet ons saamstem dat sommige Christene gedurende die Groot Verdrukking beskerm sal word, maar dat hulle beskerming nie in die hemel sal wees nie, soos baie aanhangers van die wegraping probeer om ons te laat glo. Daardie beskerming sal net hier iewers op die planeet Aarde beskikbaar gemaak word.

Ons behoort egter ook daarop te let dat nie *alle* Christene beskerm sal word nie. Soos ons in vers 17 lees, "die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou." Ja, sommige Christene – "teen haar ander nakomelinge" (Openbaring 12:17) – moet die beproewings van die Groot

Verdrukking en die woede van Satan die duiwel, verduur.

Die verskil tussen die een groep wat beskerm word en die ander groep wat in die verdrukking ingestuur word, word weerspieël in Christus se opmerkings aan die twee kerke van profetiese eindtye van Openbaring 3. Jesus sê aan die ywerige Christene van Filadelfía dat Hy hulle sal "bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom" (*vers* 10), terwyl aan die louwarm Christene van Laodicéa gesê word: "Ek raai julle aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is". Hulle moet dus vervolg word aangesien hulle Sy tugtiging nodig het (verse 18-19).

Vir meer oor die uiters belangrike briewe aan die sewe Kerke van Openbaring 2-3, kan u mnr. Gerald Weston se "Sewe briewe aan sewe kerke" in ons November-Desember 2024-uitgawe lees. Dit is ook beskikbaar by *wvm.co.za*. Die apostel Johannes beskryf die Laodicénse Christene wat deur die verdrukking moet gaan aangesien hulle nie die noodsaaklikheid om te bekeer insien en te verander nie – hulle is te selftevrede met wat hulle dínk hulle reeds weet en te gewillig om hulle aktiewe gehoorsaamheid aan God prys te gee.

Daar is 'n rede waarom Jesus Christus in verband met die tye wat kom vir ons almal sê: "Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan" (Lukas 21:36).

Ja, daar sal beskerming wees tydens die hoogtepunt van die aardskuddende gebeure in die eindtyd – nie in 'n "wegraping" na die hemel nie, maar in werklikheid net hier iewers op die aarde – vir ywerige, getroue Christene wat nie bereid is om 'n skikking aan te gaan oor die waarheid wat God aan hulle gewys het nie. WvM

***Vervolg vanaf bladsy 10*** **– Te doen en "afgehandel"**

(Génesis 2:1-3).

God het ook 'n magtige werk gedoen toe Hy die Israeliete uit Egipte gelei het (Exodus 14:31). Nog 'n uiters belangrike taak wat deur Jesus Christus voltooi is, was Sy daad om ons van ons sondes te red. Die Messías is gekruisig en toe Hy besig was om te sterf, het Hy gesê: "Dit is volbring! En Hy het sy hoof gebuig en die gees gegee" (Johannes 19:30). Daardie enorme taak is vir ons verlossing voltooi.

**God se lys – en óns s'n**

Daar is soveel ander dinge wat God gedoen het wat genoem kan word, maar die Bybel wys ook vir ons wat God *nog* sál doen. Dit is inspirerend om na te dink oor wat op God se "te doen"-lys oorbly. Anders as ons brose mense wat geneig is om uit te stel, waarborg God dit wat Hy sal doen. Hy sê: " ... soos Ek dit gespreek het, sal Ek dit ook laat kom; Ek het dit voorberei, Ek sal dit ook doen" (Jesaja 46:11).

Ons kan lees oor die ontsagwekkende dinge wat God nog in die eindtyd sal doen, veral wanneer Jesus Christus terugkeer om die Koninkryk van God op aarde te vestig en 'n einde te maak aan oorlog, misdaad, verhongering, siekte, haweloosheid, dwelmverslawing en katastrofes van alle soorte. Satan, die bose heerser van hierdie huidige wêreld, sal onttroon en gevange geneem word (2 Korinthiërs 4:4; Openbaring 20:2-3). Onkunde en valse kennis sal vervang word deur waarheid. God sal die aarde vul met kennis van Sy weg. Hierdie "te doen" sal dan "afgehandel" wees!

'n Belangrike oorweging vir ons is wat op *ons* "te doen" en "afgehandel"-lyste verskyn. Volg ons Jesus Christus in gehoorsaamheid? Sal Hy vir ons kan sê: "Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal Ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer" (Matthéüs 25:21, 23)?

Die vervulling van baie profesieë aangaande die "laaste dae" en die eindtye lê binnekort voor. God sal Sy genoemde take uitvoer en dit by Sy "afgehandel" lys voeg.

Meer oor hierdie onderwerp is beskikbaar in ons gratis studiegidse, soos *Vervulde Profesie: God se Hand in Wêreldsake*, *Verstaan Bybelse profesie* en *Die Dier van Openbaring: Mite, beeldspraak of werklikheid?* – wat alles beskikbaar is by *wvm.co.za* en kan ook aangevra word by die streekkantoor naaste aan u soos op bladsy 2 van hierdie tydskrif. WvM

*Vervolg vanaf bladsy 23 – Vrae en antwoorde*

maar eerder dat die reuse toe *alreeds bestaan* het teen daardie tyd. "In dié dae was die reuse op die aarde, en ook daarna, toe die seuns van God by die dogters van die mense ingegaan en dié vir hulle kinders gebaar het" (Génesis 6:4).

Hierdie reuse het nie die Sondvloed oorleef nie. Die bestaan van ander reuse is opgemerk na die Vloed, maar selfs hulle verdwyn uit die Bybelse verslae na die tyd van koning Dawid. Die Skrif gee in elk geval geen aanduiding dat hierdie reuse enigiets anders was as baie groot mense wat in dieselfde eindelike einddoel as alle ander mense sal deel nie. WvM

**Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.**

*Vervolg vanaf bladsy 14 – Die verdeelde Verenigde Koninkryk*

**Onenigheid in Engeland**

Daar is ook nog 'n ander – dalk verrassende – bron van onenigheid wat besig is om te voorskyn te kom. Onlangse plaaslike verkiesings in Engeland het nóg 'n ander groep se belangstelling blootgelê. Die Arbeidersparty was tradisioneel die politieke keuse van die meeste van die VK se Joodse bevolking en is meer onlangs deur sy Moslem-bevolking bevoordeel (vir meer inligting oor Islamitiese invloed op die VK, lees gerus ons Mei-Junie 2025-artikel: "Die VK-immigrasiekrisis").

Die Arbeiders-party, het 'n storm oorleef met betrekking tot persepsies dat sy voormalige leier Jeremy Corbyn, anti-Semities is. Die party het hard gewerk om van daardie beeld ontslae te raak en het Israel ondersteun in die nadraai van die Hamas-aanval op 7 Oktober 2023. Nadat stellings gemaak is deur twee plaaslike kandidate tydens tussenverkiesings wat as anti-Semities bestempel is en op band vasgelê is, het die huidige hoof van die Arbeidersparty, Keir Starmer, sy party van daardie stellings gedistansieer. Starmer se optrede het sy party egter in onguns gebring by sy Moslem-kiesers oor die situasie in Gasa. Die plaaslike verkiesings het nie die oorwinnings opgelewer wat die Arbeidersparty verwag het nie aangesien Moslem-kiesers die party verlaat het en kandidate gekies het wat die Palestynse saak goedgesind was.

Om die verdeeldheid nog verder te vererger het Moslem-aktiviste 'n lys van 18 punte uitgereik wat die Arbeidersparty sou moes aanvaar om hulle steun in 'n komende algemene verkiesing te kry ("Moslem-groep stel 18 eise vir Keir Starmer om kiesers wat as gevolg van Gasa verloor is, terug te wen". *The Independent*, 7 Mei 2024). Dit sluit bepalings in wat Sharia-wetgewing ondersteun. Die linksgesinde joernaal *New Statesman* het 'n algemene aangeleentheid wat uit sulke ontwikkelings spruit uitbasuin onder die hoofopskrif "*Sectarianism has returned to England*" (11 Maart 2024). Die subopskrif lui: "*The country's silent majority is being outflanked by religious and political extremists*".

In sy uitstaande boek *My Promised Land*, kom die Israeliese joernalis Avi Shavit tot die gevolgtrekking dat sy nasie – hoewel ryk aan waardevolle individualisme – die eensgesinde begeerte verloor het wat Israel eens geken het. Terwyl geskryf is oor 'n land wat so ver as halfpad van die wêreld van die Verenigde Koninkryk verwyder is, is daardie waarneming só kenmerkend van die Westerse wêreld. Die VK word vandag oorweldigend voortgedryf deur individuele begeertes eerder as gesamentlike behoeftes.

Die lirieke wat by Elgar se bekende "*Pomp and Circumstance March number 1*" gevoeg is en wat by so baie gradeplegtighede gespeel word, gee aan ons insig. Hierdie lirieke wat geskryf is deur A.C. Benson sluit die frase in: "God, wat jou magtig gemaak het, maak jou nog magtiger". Dit beklemtoon 'n sleutelelement van die verlies van gesamentlike doel. Daardie lirieke is geskryf tydens 'n era wat respek vir God gehad het en wat nie meer 'n plek in ons hedendaagse nasies het nie. Ons het deur onsself en ons

*Vervolg op bladsy 25*

# Die stoeigeveg wat die geskiedenis verander het

## Een man se antieke vasberadenheid weerklink steeds regdeur die hedendaagse samelewing.

### Deur J. Davy Crockett III

Stoei is 'n fassinerende sport wat fisiese krag, vaardigheid en deursettingsvermoë behels. Stoeiers streef daarna om hulle teenstanders vas te "pen". Professionele stoeigevegte geniet al geslagte lank gewildheid en dit het meer as 'n miljard dollar se inkomste in 2023 gegenereer. Hierdie vorm van stoei word egter eerder beskou as vermaak in plaas van 'n sportsoort, maar stoei op kollege-vlak is 'n wettige sport waaroor die NCAA toesig hou; 395 kolleges regoor die Verenigde State neem daaraan deel en dit is 'n gewilde soort sport by die Olimpiese Spele.

Terwyl die vertoning van vaardigheid by die sportsoort die aandag van miljoene toeskouers trek, is die meeste mense onbewus van 'n stoeikompetisie wat lank gelede in antieke Edom plaasgevind het. Jakob, die seun van Isak en kleinseun van Abraham, het as 'n ryk man met familie, kleinvee en beeste na sy vaderland teruggekeer nadat hy vir 20 jaar by sy skoonvader, Laban, gebly het. Op hierdie reis het hy verwag om sy broer Esau te ontmoet, van wie hy vervreemd was as gevolg van 'n geskil met betrekking tot sy eersgeboortereg, wat Esau geglo het Jakob van hom gesteel het (Génesis 25:29-34).

In reaksie hierop het Jakob 'n plan in werking gestel om versoening te bewerkstellig tussen hom en sy broer om sodoende sy gesin te beskerm (Génesis 32:3-23; 33:1-2). Nadat Jakob sy gesin en diensknegte weggestuur het, het sy storie 'n baie interessante wending geneem:

> "Maar Jakob het alleen agtergebly, en 'n Man het met hom geworstel tot dagbreek. En toe Hy sien dat Hy hom nie kon oorwin nie, slaan Hy hom op sy heupbeen, sodat die heupbeen van Jakob uit lit geraak het in die worsteling met Hom. Toe sê Hy: Laat My gaan, want die dag het gebreek. Maar hy antwoord: Ek sal U nie laat gaan nie tensy dat U my seën. En Hy vra hom: Hoe is jou naam? En hy antwoord: Jakob. Toe sê Hy: Jy sal nie meer Jakob genoem word nie, maar Israel; want jy het geworstel met God en met die mense en het oorwin. Daarop vra Jakob en sê: Maak tog u Naam bekend! En Hy antwoord: Waarom vra jy tog na my Naam? En Hy het hom daar geseën. Toe noem Jakob die plek Pniël; want, *het hy gesê*, ek het God gesien van aangesig tot aangesig, en tog is my lewe gered" (verse 24-30).

Van hierdie oomblik af kom die naam van Israel opvallend in die Skrif voor. God het met Jakob/Israel gewerk en die nageslag van sy twaalf seuns het die volk Israel geword. Hulle is deur God gekies om 'n voorbeeld van Sy lewenswyse vir die wêreld te wees.

**Beloftes wat deesdae van toepassing is**

Waarom sou God met Jakob "stoei"? Hy verduidelik: "Ek, die HERE, deursoek die hart, toets die niere, om aan elkeen te gee na sy weë, volgens die vrug van sy handelinge" (Jeremia 17:10). Waarom? "... want die HERE tugtig hom wat Hy liefhet, ja, soos 'n vader die seun in wie Hy behae het" (Spreuke 3:12). Jakob het fisiese beproewings en toetse verduur. Op hierdie kwesbare oomblik in sy lewe, vind daar toe 'n worsteling met God plaas. Dit het simbolies sy volhardende karakter geopenbaar, wat God sou gebruik in die uitvoering van Sy plan vir die mensdom.

Dit alles was deel van God se belofte aan die regverdige Abraham: "En Ek sal jou 'n groot nasie

*Vervolg op bladsy 13*

# Vrae & Antwoorde

## Wie was die reuse regtig?

**Vraag:** Die Bybel noem op 'n paar plekke "reuse", soos Goliat. Wie of wat was hulle? Was hulle menslike wesens of was hulle gewone mense? Bestaan hulle nog?

**Antwoord:** Die Bybel sê vir ons dat mense van reuse fisiese gestalte voor en ná die groot vloed van Noag se tyd geleef het (Génesis 6:4; Deuteronómium 2:10-12, 20-23). Na die vloed verskyn reuse in die Bybel as afstammelinge van Gam se seun Kanaän; hulle het in die land Kanaän gewoon toe Moses spioene gestuur het om die land te verken (Génesis 10:6; Númeri 13:1-2, 32-33).

Og, die koning van Basan, was die laaste opgetekende reus oos van die Jordaanrivier (Josua 12:4; 13:12). Ná Josua se verowering van Kanaän (Josua 11:21-22), het 'n paar reuse in die Filistynse stede Gasa, Gat en Asdod bly woon. Hierdie reuse het die Israeliete geterroriseer vandat hulle Kanaän binnegegaan het tot laat in die regering van koning Dawid. Een van daardie reuse was Góliat, wie deur Dawid doodgemaak is (1 Samuel 17). Koning Dawid en sy "magtige manne" het ook ander reuse teëgekom (2 Samuel 21:16-22; 1 Kronieke 20:4-8).

Sommige mense verwys na 'n gedeelte in Génesis en beweer dat hierdie reuse die nageslag van engele was wat deur normale vrouens voortgebring is: "TOE die mense op die aarde begin vermeerder en daar vir hulle dogters gebore is, sien die seuns van God dat die dogters van die mense mooi was, en hulle het vir hulle as vroue geneem almal wat hulle verkies het" (Génesis 6:1-2).

Dit is egter belangrik om te erken dat, alhoewel God die engele soms Sy seuns noem (Job 38:7), die Génesis 6 beskrywing van "seuns van God" nie na engele kán verwys nie, want engele is as geestelike wesens geskape. Elke engel is volkome en individueel geskape, sonder die nodigheid of die vermoë om voort te plant.

Engele kan nie as geestelike wesens met mense voortplant nie. Ons weet dit uit Jesus Christus se eie woorde, soos Hy beskryf wat gebeur wanneer sterflike mense by die opstanding as geestelike wesens weer gebore word: "Toe antwoord Jesus en sê vir hulle: Die kinders van hierdie eeu trou en word in die huwelik uitgegee; maar die wat waardig geag word om daardie eeu en die opstanding uit die dode te verkry, trou nie en word nie in die huwelik uitgegee nie. Want hulle kan ook nie meer sterwe nie, want hulle is soos die engele en is kinders van God, omdat hulle kinders van die opstanding is" (Lukas 20:34-36; vergelyk Matthéüs 22:30; Markus 12:25).

### Menslike wesens – net groter

Slegs God die Seun, wie alle skeppende krag het, het ooit die gaping tussen gees en vlees oorgesteek, wat Hy gedoen het toe Hy as Jesus Christus gebore is (Filippense 2:7). Trouens, om te sê dat 'n engel 'n kind in die wêreld kan verwek, is potensieel godslasterlik, aangesien die Bybel beskryf dat net God die enigste Een is wie 'n Seun kon verwek deur die bonatuurlike swangerskap van Maria, sowel as 'n toekomstige gesin van seuns deur die Werk wat Hy en Sy Seun doen in die Kerk wat Christus gestig het (Lukas 1:35; Romeine 8:16-17).

Wie wás die seuns van God wat in Génesis 6 genoem word? Hulle was sterk en bekende manne wie se nageslag voor die Sondvloed gedurende hulle tyd bekend geraak het. Baie Bybel geleerdes glo dat hulle onder die nageslag van Set kon gewees het, maar die Skrif noem dit nie spesifiek nie. 'n Ander belangrike detail waarvan ons kennis behoort te neem, is dat die Skrif *nie* sê dat die reuse afkomstig is van die verhoudings wat in Génesis 6 beskryf word nie

*Vervolg op bladsy 21*

## Môre se gesinne vandag

# Plant iets wat groei

### Deur Rod Mc Nair

Wanneer u tuinmaak deel van u lewe maak – selfs net binnenshuis – kan dit werklik voordele hê vir u familie se gesondheid – fisies en geestelik!

Tegnologie het ons lewens gemakliker, geriefliker en minder van 'n beslommernis gemaak as ooit tevore. Ons verwonder ons oor die krag van virtuele realiteit, kunsmatige intelligensie en 'n skynbaar onbeperkte vloei van inligting – létterlik in 'n oogwink. Baie mense is egter tog bekommerd oor ons samelewing se toenemende vervreemding van die natuurlike wêreld. Baie van ons leef, werk en speel in 'n wêreld van eindelose tegnologiese skerm interaksies. Namate tegnologie vorder, sal daardie vervreemding net toeneem.

Op die mees fundamentele vlak, is ons as menslike wesens werklik deel van die skepping – die wêreld van sade, plante en grond. Selfs die woord "mensdom", is afgelei van 'n Latynse woord, *humanus*, wat kom van 'n woord wat letterlik "aardse wese" beteken ("*human*"), O*nline Etimology Dictionary*, 18 Desember 2023) en *humus* verwys na "die donker organiese materiaal in grondsoorte" ("*humus*," *Dictionary.com*). Die mensdom was deur die Ewige God geskape met die potensiaal om vir ewig te leef. Ons leef as "klei-modelle" en hierdie aarde is ons oefenterrein om vir daardie bestemming voor te berei (2 Korinthiërs 5:1). Die heel eerste werk wat aan ons voorvader Adam gegee is, was om 'n deel van die aarde "te bewerk en te bewaak" (Génesis 2:15).

Daar is wesenlike en praktiese voordele vir u en u gesin om te geniet deur lewende, groeiende plante deel van u lewe te maak. Wat is sommige van die voordele van die aankweek van 'n leefstyl wat die versorging van plante behels? Oorweeg die volgende:

**Dit is goed vir u gesondheid**

Die fisiese voordele daarvan om in 'n groente- of blomtuin in die buitelug te werk is voor die hand liggend: loop, buig, optel en rondbeweeg. Dit is egter ook goed vir ons geestelike welstand. Dr. Charles Hall, Ph.D., professor aan die Texas A&M Universiteit, het uitgebreide navorsing gedoen oor hoe plante en tuinmaak, fisiese asook geestelike gesondheid kan verbeter. Hy het dit in 'n artikel in die *Journal of Environmental Horticulture* gepubliseer. Hier is 'n paar van die positiewe effekte wat Dr. Hall met groeiende dinge geïdentifiseer het:

1. Angs- en stresvermindering
2. Herstel van aandag-afleibaarheid
3. Verminderde depressie
4. Verbeterde geheue
5. Verbeterde vreugde en lewenstevredenheid
6. Verligting van post-traumatiese stresversteuring
7. Verhoogde kreatiwiteit, produktiwiteit en oplettendheid
8. Verminderde gevolge van demensie
9. Verbetering van selfbeeld

("Die positiewe uitwerking van tuinmaak op geestesgesondheid," *AgriLifeToday.TAMU.edu*, 25 April 2022).

U hoef egter nie eens buitentoe te gaan om die positiewe effekte van die groei van plante te ervaar nie. Binnenshuise plante kan dieselfde voordele skep, soos beskryf in die *Healthline.com* se artikel "*A Hobby for All Seasons: 7 Science-Backed Benefits of indoor plants*" wat sê: "Tuinmaak binnenshuis verlig spanning, verhoog kreatiwiteit, produktiwiteit en oplettendheid en bevorder ook herstel. Daar is bewyse dat potplante ook die luggehalte in u huis positief kan beïnvloed. Deur u leef- of werkspasie met lewende, 'asemhalende' plante te deel kan u omgewing 'n gelukkiger, gesonder plek wees".

Beleef u en u gesin spanning en angstigheid? Waarom nie net 'n bietjie versorging van

groenigheid in u lewe inbring nie? In 'n era van angs is dit kalmerend om iets groen wat leef te versorg.

**Dit kan u geld spaar**

Ons móét almal eet – waarom probeer u dan nie om plante te kweek wat voedsel vir u en u huishouding verskaf nie? Indien u die kostebesparings in ag neem deur 'n eenvoudige tamatie te kweek, is dit verbasend om te besef hoeveel u kan bespaar deur dit self te kweek. 'n Tamatieplant kan 'n paar keer die koste van een tamatie wees. Indien daardie plant 'n paar *dosyn* tamaties kan oplewer, sal u die hoër koste baie maklik verhaal!

Indien u saad saai, kan u letterlik honderde tamaties kweek vir minder as die koste van een tamatieplant! U kan die koste selfs nog meer verlaag indien u saad van vorige seisoene koop, wat van jaar tot jaar gedroog en gestoor kan word vir 'n toekomstige seisoen.

Terwyl inflasie u huishouding se begroting al hoe meer wegvreet, kan die groei van u eie kos – selfs 'n klein hoeveelheid – groot finansiële voordele vir u en u gesin inhou.

**In kontak met die Wonderbaarlike**

Die groei van plante gee ons ook die pragtige geleentheid om die wonderwerk van die lewe self te aanskou. Dink daaraan: Het enige mensgemaakte uitvinding al ooit naby die “hoëtegnologie”-vermoëns van die gewone saad gekom? Daardie saad – of dit nou van 'n tamatieplant, 'n zinnia-blom of 'n reusagtige, majestueuse Ponderosa-denneboom is – bevat die volledige genetiese kode wat daarin vasgelê is om dieselfde soort plant te reproduseer waarvandaan dit kom. Dikwels, gegewe die regte toestande, kan sade dormant in 'n rustoestand lê en daardie waardevolle data vir weke, maande of jare “berg”. Sommige sade is selfs duisende jare oud en groei steeds (“Wetenskaplikes in Israel kweek dadelplante van 2,000 jaar oue sade”, *The Guardian*, 5 Februarie 2020)!

Wat 'n verstommende wonderwerk! Ons kan dit self aanskou, net deur 'n saadjie in 'n beker met grond te plant, dit nat te maak en dit op 'n sonnige vensterbank te plaas. Indien u kinders het, doen dit saam met hulle. Leer hulle van die

*Vervolg op bladsy 26*

*Vervolg vanaf bladsy 21 – Die verdeelde Verenigde Koninkryk*

eiebelang verteer geraak.

**Vergete ideale**

Die apostel Paulus het in 'n brief wat aan die Evangelis Timótheüs geskryf is, opgemerk dat aan die tyd van die einde, eie belang sal oorheers (2 Timótheüs 3:1-9). Paulus het opgeteken dat mense “meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God” sal wees (vers 4). Interessant genoeg is dit die geskiedenis van die mense van die VK oor die afgelope eeu. Selfs in Noord-Ierland, wat voorheen bekend was vir die welsprekendheid van Protestantse predikers soos Ian Paisley, is godsdiens nou verlore as die motivering van die Unioniste. In navolging van die voorbeeld van Brittanje en Skotland, is die soeke na die goeie lewe, hiér en nóu die dryfveer.

Voordat hulle die Jordaanrivier oorgesteek het om die Beloofde Land te beërf, is Moses geïnspireer om die kinders van Israel te waarsku teen 'n toestand wat vandag maklik op die VK toegepas kan word. Indien Israel God sou vergeet, net soos die VK God vergeet het, sal spesifieke strawwe oor sy mense kom (Deuteronómium 28:15-68). Hierdie strawwe sal toeneem totdat die nasie verdelg is. Israel was gewaarsku: “Die HERE sal teen jou stuur die vervloeking, die verwarring en die bedreiging in alles waar jy jou hand aan slaan, wat jy moet doen; totdat jy verdelg is en totdat jy gou tot niet gaan vanweë die boosheid van jou handelinge, dat jy My verlaat het” (vers 20).

Dit is die toestand waarin die VK homself deesdae bevind – verward en vervloek in alles wat hulle poog om te bereik. Geen wonder nie, aangesien die VK bestaan het uit mense wie se voorgeslagte verbind is aan die antieke koninkryk van Israel. Dit is nodig dat die VK ag slaan op die waarskuwings wat aan ons voorvaders gegee is indien dit 'n ware *Verenigde* Koninkryk wil bly. WvM

# Te doen en "afgehandel"

## Voltooi u die take wat Christus aan u opgedra het?

Deur Roger Meyer

Wie het hy nog nie 'n te-doen-lys van een of ander aard gesien nie – aan die muur, op 'n lessenaar of yskas of in 'n lawwe spotprent met karakters wat rondskarrel om dinge gedoen te kry? Baie mense het gevind dat hulle daaglikse lewe of werk voorgeskryf word deur 'n groeiende lys van klein afgemerkte blokkies in hulle koppe of op papier of 'n werkblad. Dikwels lyk dit of die "afgehandel" nie die "te doen" lysies so vinnig of doeltreffend genoeg inhaal as wat ons daarvan mag hou nie.

Die meeste van ons maak lysies van dinge wat ons in ons besige lewens wil bereik. Ons het afsprake om na te kom, projekte om af te handel, take om te doen en oproepe om te maak. Ons het allerhande klasse, opdragte, vergaderings, seminare, take en projekte van alle soorte. Ons mag dalk papierkalenders en -organiseerders gebruik of ons mag elektroniese hulpmiddels

*Vervolg op bladsy 10*

*Vervolg vanaf bladsy 25 – Plant iets wat groei*

skepping. Verduidelik ook waar hulle vandaan kom – nie van slym nie, maar geskape na die beeld van God (Génesis 1:26; 2:7. Laat hulle dan 'n saadjie plant, dit natmaak en in verwondering sien wanneer dit 'n paar dae later opkom! Dit is 'n kragtige getuienis van die lewende kwaliteit van God se skepping, waarvan ons almal deel is. Kinders kan self agterkom dat die evolusie-teorie nie kan kers vashou met die werklikheid nie – die grootsheid en krag van God.

**'n Ware verbinding met die regte wêreld**

Gedurende die afgelope jare het aanlyn boerdery-nabootsings soos Farm Ville, *Hay Day*, en *Harvest Honours* groot besighede geword – tot op 'n punt dat die "wêreldwye wildsvleis boerdery" in 2023 op meer as $370 miljoen gewaardeer is ("*Farming Game Market*," *Econ Market Research*, Februarie 2024). Kermit Ball, die gemeenskapskoördineerder vir *Giants Software*, beskryf die aantrekkingskrag van sy maatskappy se *Farming Simulator:*

> U kan ontspan en met vriende gesels terwyl u speel, maar u kan ook nooit uit werk raak nie ... Baie mense praat oor die kalmerende aard daarvan om net op jou landerye te werk. Dit is 'n speletjie waarin u werklik kan verlore raak. U begin speel en werk op u lande, terwyl u luister na die klanke van plaas-toerusting en die natuur gekombineerd, terwyl dit u kalmeer. Daar gaan ure verby sonder dat u dit eers agterkom *("Coziness, control, and crops: Farming simulators are the ultimate escapism," Digital Trends*, 20 Augustus 2022).

Dit is duidelik dat ons kinders maklik gemotiveer kan word om speletjies van virtuele boerdery te speel. Waarom word hulle nie aangemoedig om die werklike ding te probeer nie – om 'n regte tamatie te kweek, 'n regte blom te plant – alles terwyl hulle aan die skepping raak, ruik en voel?

Ons as Christene wag op Jesus Christus se vinnig naderende duisendjarige heerskappy, waar "elkeen onder sy wingerdstok en onder sy vyeboom, [sal sit], sonder dat iemand hulle verskrik" (Miga 4:4). Beteken dit dat almal boere sal wees? Heel waarskynlik nie. Dit beskryf 'n diep verbintenis met die grond – die einde van steriele omgewings wat bekommernis en ontevredenheid aanwakker.

Deur die komende Koninkryk van God voor die gees te roep, behoort aan ons 'n voorsmakie te gee oor hoe ons ons lewens vandag kan verbeter – selfs net 'n bietjie. Die meeste van ons kan nou 'n paar plante in ons lewens inbring – 'n voorsmakie van die Millennium. Ter wille van u gesondheid, u gesin se gesondheid, u finansies en u verhouding met u Skepper, oorweeg dit gerus om 'n bietjie lewende groenigheid meer deel van u lewe te maak. Plant iets! WvM

*Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik*

God, is natuurlik die ware Koning, maar Hy is die laaste gesag aan wie die mens gewillig is om homself te onderwerp. Soos Paulus in Romeine 8:7 verduidelik: "... omdat wat die vlees bedink vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie." Die natuurlike mens, met inbegrip van die persoon wat beweer dat hy Christus volg, verwerp God se gesag oor sy lewe. Daarom is die eerste teken wat Jesus met betrekking tot die einde van die eeu gegee het, dié van valse Christenskap (Matthéüs 24:3-4). "Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! en hulle sal baie mense mislei" (vers 5). Daar sal diegene wees wat in Sy Naam kom – wat aanspraak maak op Sy gesag – wat sal erken dat Jesus die Christus is, maar baie mense sal mislei word deur hulle boodskap.

**Geestelike verwarring**

Al hierdie teenstrydige idees oor God en wat Hy van ons verwag, kan nie reg wees nie, alhoewel sommige mense hulleself mislei deur wel so te dink. Net soos fisiese rommel sy tol van die individu eis, so eis geestelike wanorde sy tol van die mensdom, wat spanning, verwarring, oorloë en lewens wat kortgeknip word, verlies meebring. Wanneer God ons opdrag gee om Hom nie te aanbid soos wat die heidene dit doen nie (Deuteronómium 12:29-32), redeneer mense: "Solank ons een dag uit sewe dae hou, maak dit nie saak wátter dag ons hou nie" of "solank ons dit vir Jesus doen, is dit reg dat ons 'n 'Christelike' heilige dag vier wat na 'n heidense vrugbaarheidsgodin vernoem is". Daar is nog 'n menigte ander redenasies deur diegene wat probeer om duidelike leerstellings wat in die Skrif gevind word, te omseil.

Die Bybel gebruik dikwels 'n vrou om 'n kerk te simboliseer (Efésiërs 5:31-32) en daar word na God se Kerk verwys as 'n rein maagd en die bruid van Christus (2 Korinthiërs 11:2; Openbaring 19:7-9). Openbaring 17 stel ons egter bekend aan 'n heel ander soort vrou – 'n gevalle vrou waarna verwys word as die "groot hoer". Daar word gesien hoe sy op 'n dier ry wat sewe koppe en tien horings het. Haar kleure is rooi en pers (vers 4), sy is verantwoordelik vir die doodmaak van die ware dienaars van God (vers 6), sy bestaan onder "volke en menigtes en nasies en tale" (vers 15) en sy is sinoniem met "die groot stad wat heerskappy voer oor die konings van die aarde" (vers 18). Asof dit nie genoeg is om haar te identifiseer nie, het sy ook 'n naam wat op haar voorkop geskryf staan: "Verborgenheid, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde" (Openbaring 17:1-5).

Die naam Babilon kom van die stad Babel, waar die opstandige mensdom selfs vir God probeer uitdaag het en in reaksie daarop het Hy hulle tale verwar om hulle rebellie te onderdruk en sodoende is veroorsaak dat hulle regoor die aarde verstrooi is (Génesis 11:1-9). Babel was ook waar Nimrod regeer het en waar hy 'n geheimsinnige godsdiens begin het. Dit is waar bogenoemde titel vandaan kom. Let verder mooi op dat hierdie gevalle vrou 'n *moeder*kerk is – 'n "moeder van die hoere". Dink aan wat dit beteken! Sy het dogters wat uit haar voortgespruit het. Hoe verstommend is dit dat sommige mense die groot hoer kan identifiseer, maar nie besef wie haar dogters is nie – en hoe hulle sélf met een van daardie dogters geassosieer kan word!

Daarteenoor is die ware Kerk van God nie 'n groot, wêreldveranderende organisasie nie, maar 'n klein (Lukas 12:32) en vervolgde Kerk. Die nag waartydens Jesus in hegtenis geneem is om die volgende oggend gekruisig te word, het Hy sy dissipels gewaarsku: "Onthou die woord

**Die Bybel:**
**Feit of fiksie?**

***Is die Bybel net 'n versameling mites en legendes of is dit die geïnspireerde Woord van God? Baie mense aanvaar dat moderne geleerdheid die Bybel ongeloofwaardig maak, maar die geskiedkundige feite – en die ontdekkings van argeologie – bevestig dat die inhoud daarvan eg is! Die Bybel sit die verlede met verstommende akkuraatheid uiteen en voorspel die toekoms soos geen ander boek nie!***

Skryf in of skakel ons vandag nog om u eie kopie van hierdie uiters noodsaaklike boekie te bekom!

## Onthou asseblief om in te skakel op **Tomorrow's World** TV-program op Sondag-oggende op DStv:

e.tv HD (**kanaal 194**) van 06:30 tot 07:00 a.m.
FAITH (**kanaal 341**) van 09:00 tot 09:30 a.m.
Cape Town TV (**kanaal 263**) van 11:30 a.m. tot 12:00 p.m.

wat Ek vir julle gesê het: 'n Dienskneg is nie groter as sy heer nie. As hulle My vervolg het, sal hulle jul ook vervolg. As hulle my woord bewaar het, sal hulle jul woord ook bewaar" (Johannes 15:20). Christus sê ook vir ons: "Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan. Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind" (Matthéüs 7:13-14).

Die dag sal kom wanneer Jesus Christus dramaties in wêreldsake sal ingryp, wanneer Hy die wanorde, die verwarring en die chaos van godsdiens, politiek en twis tussen bure en nasies sal tot niet sal maak. Dit is die boodskap wat ons by die *Wêreld van Môre* verkondig!



# Wêreld van Môre
# Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks verryk en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God**
**Privaatsak X 30**
**Menlo Park, GP**
**0102**

**of skakel : 012 331 0058**
**en meld dat u navraag doen**
**oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**